


# AFRIFORUM SE MUNISIPALE OUDIT VIR DIE NOORDWES

2021




**Dr. Eugene Brink**


Strategiese Raadgewer
Gemeenskapsake
AfriForum

**Sel:** 079 071 1799
**E-pos:** eugene.brink@afriforum.co.za

**Morné Mostert**

Hoof: Plaaslikeregeringsake
AfriForum

**Sel:** 082 809 7257
**E-pos:** morne.mostert@afriforum.co.za



# INHOUD

| | BLADSY |
|---|---|
| Inleiding | 5 |
| City of Matlosana Plaaslike Munisipaliteit | 6 |
| Ditsobotla Plaaslike Munisipaliteit | 7 |
| Groter Taung Plaaslike Munisipaliteit | 8 |
| JB Marks Plaaslike Munisipaliteit | 9 |
| Kagisano-Molopo Plaaslike Munisipaliteit | 11 |
| Kgetlengrivier Plaaslike Munisipaliteit | 13 |
| Lekwa-Teemane Plaaslike Munisipaliteit | 14 |
| Madibeng Plaaslike Munisipaliteit | 15 |
| Mahikeng Plaaslike Munisipaliteit | 16 |
| Mamusa Plaaslike Munisipaliteit | 17 |
| Maquassi Hills Plaaslike Munisipaliteit | 18 |
| Moretele Plaaslike Munisipaliteit | 19 |
| Moses Kotane Plaaslike Munisipaliteit | 20 |
| Naledi Plaaslike Munisipaliteit | 21 |
| Ramotshere Moiloa Plaaslike Munisipaliteit | 22 |
| Ratlou Plaaslike Munisipaliteit | 23 |
| Rustenburg Plaaslike Munisipaliteit | 24 |
| Tswaing Plaaslike Munisipaliteit | 25 |
| Opsomming | 26 |

# Inleiding

AfriForum se munisipale oudit beoog om die lewensgehalte en vlak van dienslewering te meet in die land se aangeduide munisipale areas. Munisipaliteite verteenwoordig die vlak van regering wat die naaste staan aan mense, en dit voorsien baie van die belangrike dienste waarvan mense afhanklik is om te oorleef en te gedy, soos byvoorbeeld watervoorsiening, padonderhoud en kragvoorsiening. Dit is ongelukkig so dat hierdie vlak van regering in Suid-Afrika grotendeels in 'n verwaarloosde en steeds verder verslegtende toestand verkeer; iets wat 'n uitwerking het op miljoene mense in die land. Die bykomende doel van die oudit is om 'n omvattende beeld van munisipaliteite te verskaf, wat die aandag vestig op die toestand van hierdie munisipaliteite en hulle bewoners. Die verslag dien ook as inligtingsbron vir die publiek, die media, meningsvormers, besluitnemers en administrateurs om hulle munisipaliteite beter te verstaan en om hulle in staat te stel om druk uit te oefen om verandering teweeg te bring waar nodig.

Die munisipale oudit ondersoek die demografie, sosio-ekonomiese toestand, diensleweringskwessies en bestuur van munisipaliteite. Elke verslag ontleed die munisipaliteite binne 'n spesifieke provinsie, en aan elke munisipaliteit word 'n indrukspunt toegeken wat uit tien tel. Die opvolgverslae oor spesifieke provinsies gee ook 'n aanduiding van watter munisipaliteite verbetering of juis agteruitgang toon in vergelyking met bevindings in vorige verslae. Die eerste weergawe van hierdie oudit het betrekking gehad op Gauteng, Suid-Afrika se digbevolkste provinsie en ekonomiese spilpunt. Hierdie verslag het betrekking op die Noordwesprovinsie, een van die land se kerngebiede vir mynbou en boerdery. Soos wat die ontleding sal aantoon, bevind al die provinsie se munisipaliteite hulle in 'n haglike toestand. Alhoewel statistiese gegewens oor kwessies soos behuising en onderwysvlak (beide provinsiale verantwoordelikhede) positief mag voorkom en selfs vooruitgang toon, is die meeste munisipale aanwysers ver benede die verwagte vlak, en die algehele finansiële bestuur is in 'n betreurenswaardige toestand.

# City of Matlosana Plaaslike Munisipaliteit

## Demografiese en sosio-ekonomiese aanwysers

In hierdie munisipaliteit woon daar meer as 420 000 mense wat tot 135 894 huishoudings behoort. Die bevolkingsgroei beloop 1,04%.[1] Ongeveer 30% van die bevolking is jonger as 15 jaar, 66% is tussen die ouderdom van 15 tot 64 jaar en 4,9% is ouer as 65 jaar. Die genoemde ouderdomskategorieë het geringe verandering getoon oor die afgelope jare.
Mense ouer as 20 jaar sonder voltooide skoolopleiding maak ruweg 8% van die bevolking uit, terwyl 32% oor 'n Nasionale Senior Sertifikaat beskik en amper 9% tersiêre opleiding geniet het.[2] Tswana is verreweg die algemeenste taal in Matlosana; dit is die huistaal van 36% van die bevolking.[3] Sotho kom in die tweede plek met byna 20%, en Afrikaans beklee die derde plek met 17,3%. Wat behuising betref woon 89,2% van alle huishoudings in formele behuising, terwyl dit 82,9% beloop het in 2011.[4] Die jongste amptelike werkloosheidsyfer is 32,7% en die jeugwerkloosheidsyfer is 43,1%.[5]

## Dienslewering

Die persentasie huishoudings met lopende water tot in die woning het gekrimp oor die jare en slegs 48,7% van alle huishoudings het tans sulke toegang.[6] Die staat versuim reeds jare lank om sy Blou- en Groendruppelverslae uit te reik en dit bemoeilik die meting van die drinkwatergehalte. AfriForum se eie blou- en groendruppelverslag uit 2019 dui aan dat die drinkwater in Klerksdorp, die belangrikste dorp in die Matlosana Plaaslike Owerheid, skoon is.[7] Dit is geklassifiseer as skoon sedert rapportering deur middel van hierdie AfriForum-verslae in 2013 begin het. Hierdie verslae bevat ook toetsuitslae van toetse wat gedoen is op rioolwater, en 'n aantal ernstige bedenkings is geopper oor die gehalte en afvoer van afvalwater. Swak onderhoude rioolstelsels in die betrokke munisipaliteit het 'n skadelike uitwerking op die vlak van besoedeling in riviere in die omgewing.
Tans het 95,1% van huishoudings toegang tot 'n spoeltoilet; die persentasie het verbeter ten opsigte van die 2011-syfer van 92,8%.[8] Amper 92% van huishoudings word voorsien van 'n weeklikse vullisverwyderingsdiens en hierdie syfer het toegeneem oor die afgelope jare. In 94,3% van huishoudings word elektrisiteit gebruik vir verligtingsdoeleindes, vergeleke met 90,3% in 2011. AfriForum se verslag uit 2019 oor munisipale vullisterreine wys uit dat Klerksdorp se vullisterrein hopeloos ontoereikend is. Dit het 'n punt van slegs 10% behaal tydens hierdie oudit.[9]

## Bestuur

Matlosana was die enigste munisipaliteit in Noordwes wat 'n ouditmening van "ongekwalifiseerd met bevindings" verkry het van die ouditeur-generaal (OG) vir 2017/2018 – 'n verbetering op die ouditmening "gekwalifiseerd" van die voorafgaande jaar.[10] Die res van of die munisipaliteite in die provinsie vaar heelwat slegter. Dit beteken egter nie dat alles goed gaan in Matlosana nie. Onreëlmatige uitgawes ten bedrae van R2,7 miljard is aangegaan deur die munisipaliteit, asook R141 miljoen aan ongemagtigde uitgawes en R52,2 miljoen aan vrugtelose en verkwistende besteding. Gevolglik het die positiewe ouditmening vir 2018/2019 weer teruggesak na "gekwalifiseerd met bevindings".[11] In hierdie finansiële jaar was die munisipaliteit ook een van die grootste bydraers tot die opgehoopte totaal van onreëlmatige uitgawes teen 'n koers van R3 miljard.
'n Verdere kommerwekkende aspek van Matlosana se bestuur is dat die munisipaliteit se kontantsaldo soos op 30 Junie 2018 op nul gestaan het.[12] Hieruit volg dat die munisipaliteit nie eers een enkele dag se bedryfsuitgawes kan dek met die beskikbare fondse nie. Ongeveer 20% van die bedryfsuitgawes word bestee aan personeel se salarisse en lone.

**Punt toegeken aan Matlosana: 1,5 uit 10**

1 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: City of Matlosana Local Municipality – Demographic information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1193/city-of-matlosana-local-municipality.

2 Yes! Media. 2019 *Municipalities of South Africa: City of Matlosana Local Municipality – Demographic information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1193/city-of-matlosana-local-municipality.

3 Stats SA. 2019. *City of Matlosana.* Beskikbaar by http://www.statssa.gov.za/?page_id=993&id=city-of-matlosana-municipality.

4 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: City of Matlosana Local Municipality – Demographic information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1193/city-of-matlosana-local-municipality.

5 Stats SA. 2019. *City of Matlosana.* Beskikbaar by http://www.statssa.gov.za/?page_id=993&id=city-of-matlosana-municipality.

6 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: City of Matlosana Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1193/city-of-matlosana-local-municipality.

7 AfriForum. 2019. *AfriForum-takprojekverslag: Blou-en-groendruppelprojek 2019.* Beskikbaar by https://www.afriforum.co.za/wp-content/uploads/2019/09/AfriForum-Blou-en-groendruppelverslag.pdf.

8 Yes! Media. 2019.*Municipalities of South Africa: City of Matlosana Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1193/city-of-matlosana-local-municipality.

9 AfriForum. 2019. *Só lyk Noordwes se vullisterreine.* Beskikbaar by https://www.afriforum.co.za/lyk-noordwes-se-vullisterreine/.

10 Auditor-General of South Africa. 2019. *Provincial overviews.* Beskikbaar by https://www.agsa.co.za/Portals/0/Reports/PFMA/201617/GR/16%20provincial%20overviews.pdf.

11 Auditor-General of South Africa. 2020. *Consolidated general report on the local government outcomes – MFMA 2018-19.* Beskikbaar by https://www.agsa.co.za/Portals/0/Reports/MFMA/201819/GR/MFMA%20GR%202018-19%20Final%20View.pdf.

12 Municipal Money. 2019. *City of Matlosana.* Beskikbaar by https://municipalmoney.gov.za/profiles/municipality-NW403-city-of-matlosana/.

# Ditsobotla Plaaslike Munisipaliteit

## Demografiese en sosio-ekonomiese aanwysers

Die totale bevolking van Ditsobotla in 2016 was 181 865 mense wat aan 54 154 huishoudings behoort het, vergeleke met 166 952 mense wat aan 43 885 huishoudings behoort het in 2011.[13] Dit toon 'n bevolkingsgroei van 8,93%. Wat betref die ouderdomsverdeling is 27% van die bevolking jonger as 15 jaar; 68,3% is tussen die ouderdom van 15 en 64 jaar, en 4,8% is ouer as 65 jaar.

Die algemene onderwysprofiel het verbeter oor die tydperk, maar die aantal persone met tersiêre kwalifikasies het teruggesak. In 2011 het 14,4% van die bevolking ouer as 20 jaar geen voltooide skoolopleiding gehad nie, en hierdie syfer het in 2016 verbeter tot 8,9%.[14] Oor dieselfde tydperk het persone ouer as 20 wat beskik het oor 'n Nasionale Senior Sertifikaat toegeneem van 20,3% tot 25,4% van die bevolking, maar die persentasie van persone met 'n tersiêre kwalifikasie het verminder van 6,5% tot 5,9%.

Tswana is verreweg die algemeenste taal in die munisipaliteit; dit is die moedertaal van amper 80% van die bevolking.[15] Afrikaans is die tweede grootste taal met byna 10% moedertaalsprekers, terwyl Engels 'n ver verwyderde derde plek inneem met 2,3%.

In 2016 het 80,5% van die bevolking in formele behuising gewoon en hierdie syfer het toegeneem vergeleke met die 74,6% in 2011.[16] Die laaste gerapporteerde amptelike werkloosheidsyfer was 28,5% en die jeugwerkloosheidsyfer was 37%.[17]

## Dienslewering

Tussen 2011 en 2016 het die aantal huishoudings met lopende water tot in die huis afgeneem van 35,2% tot 31,8%.[18] AfriForum se verslag blou-en-groendruppelprojek 2020 het aangetoon dat die drinkwater in Biesiesvlei geklassifiseer is as skoon sedert 2020 (toe dit vir die die eerste keer getoets is), in Coligny sedert 2017 en in Lichtenburg sedert 2014 (behalwe in 2018, toe die water daar nie getoets is nie).[19]

In 2011 het 44,4% van alle huishoudings beskik oor 'n spoeltoilet wat aangesluit is op 'n rioolstelsel. Hierdie syfer het gestyg tot 55% in 2016.[20] AfriForum se verslag het egter getoon dat Coligny en Lichtenburg se rioolverwerkingsprosesse nie voldoen aan nasionale standaarde vir waterkwaliteit nie. Toetse het aangetoon dat daar in Coligny in 2019 meer as 1 000 eenhede van die E. coli-bakterie aangetref is per 100 ml van verwerkte riool. In Lichtenburg was hierdie syfer selfs meer as 50 000 eenhede. Die rioolverwerking van albei dorpe is feitlik nog nooit beoordeel as skoon nie.

Wat betref die gebruik van elektrisiteit is bevind dat 88,1% van huishoudings dit gebruik vir huisverligting; hierdie syfer was 74,6% in 2011.[21] Slegs 36,5% van alle huishoudings word voorsien van weeklikse vullisverwydering; hierdie syfer was 38,1% in 2011. Die munisipaliteit se vullisterreine skiet op alle terreine skokkend tekort. Tydens AfriForum se nasionale oudit van sulke terreine in 2019 is 'n telling van 0% aan Coligny toegeken en 16% aan Lichtenburg.[22] Hierdie puntetelling is verteenwoordigend van die verwaarloosde staat van die oorgrote meerderheid van vullisterreine in die provinsie, waar slegs 2 uit 18 terreine voldoen het aan nasionale standaarde.

## Bestuur

Ditsobotla se ouditmening oor die afgelope drie finansiële jare was "afgewys met bevindings".[23] Die OG het die swak gehalte van die finansiële state betreur asook die gebrek aan inligting oor ongemagtigde, onreëlmatige, vrugtelose en verkwistende uitgawes. Die feit dat daar geen negatiewe gevolge verbind is aan swak prestasie nie en dit dus nie ontmoedig is nie, asook die vele vakatures in sleutelposte, is geïdentifiseer as die grondliggende oorsake vir die betreurenswaardige staat van finansiële sake by die munisipaliteit.

Ditsobotla se kontantsaldo het aan die einde van Junie 2018 op R74 108 789 gestaan – 'n positiewe saldo wat selde voorkom.[24] Amper 40% van bedryfsuitgawes is bestee aan salarisse en lone van personeel.

**Punt toegeken aan Ditsobotla: 2 uit 10**

13 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Ditsobotla Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/overview/1202/ditsobotla-local-municipality.

14 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Ditsobotla Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/overview/1202/ditsobotla-local-municipality.

15 Stats SA. 2020. *Ditsobotla.* Beskikbaar by http://www.statssa.gov.za/?page_id=993&id=ditsobotla-municipality.

16 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Ditsobotla Local Municipality – Demographic information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/overview/1202/ditsobotla-local-municipality.

17 Stats SA. 2020. *Ditsobotla.* Beskikbaar by http://www.statssa.gov.za/?page_id=993&id=ditsobotla-municipality.

18 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Ditsobotla Local Municipality – Demographic information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/overview/1202/ditsobotla-local-municipality.

19 AfriForum. 2020. *Blou-en-groendruppelprojek 2020.* Beskikbaar by https://afriforum.co.za/wp-content/uploads/2020/11/Blou-en-groen_2020_Afrikaans.pdf.

20 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Ditsobotla Local Municipality – Demographic information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/overview/1202/ditsobotla-local-municipality.

21 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Ditsobotla Local Municipality – Demographic information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/overview/1202/ditsobotla-local-municipality.

22 AfriForum. 2019. *Só lyk Noordwes se vullisterreine.* Beskikbaar by https://www.afriforum.co.za/lyk-noordwes-se-vullisterreine/.

23 Auditor-General of South Africa. 2020. *Consolidated general report on the local government outcomes – MFMA 2018-19.* Beskikbaar by https://www.agsa.co.za/Portals/0/Reports/MFMA/201819/GR/MFMA%20GR%202018-19%20Final%20View.pdf.

24 Municipal Money. 2019. *Ditsobotla.* Beskikbaar by https://municipalmoney.gov.za/profiles/municipality-NW384-ditsobotla/.

# Groter Taung Plaaslike Munisipaliteit

## Demografiese en sosio-ekonomiese aanwysers

Die bevolking van Groter Taung het gekrimp oor die tydperk: van 177 642 mense in 2011 tot 167 827 in 2016.[25] Die aantal huishoudings beloop 46 168, teenoor 48 613 in 2011. Die persentasie van die bevolking jonger as 15 jaar het ook afgeneem en staan tans op 34,2%. Mense tussen 15 en 64 jaar maak 58,4% of die bevolking uit, en mense ouer as 65 jaar staan op 7,5%.

Mense ouer as 20 jaar sonder voltooide skoolopleiding maak 13,8% van die bevolking uit; diegene wat beskik oor 'n Nasionale Senior Sertifikaat amper 20%; en mense met 'n tersiêre kwalifikasie staan op 4,3% van die bevolking.[26] Tswana is verreweg die algemeenste spreektaal in die munisipaliteit: amper 90% van die bevolking beskou dit as hulle moedertaal.[27] Afrikaans, Engels, Xhosa en Suid-Sotho het elk 'n klein groepie moedertaalsprekers.

Net meer as 90% van alle huishoudings het in formele behuising gewoon in 2016; hierdie syfer was 88,5% in 2011.[28] Die laaste gerapporteerde amptelike werkloosheidsyfer was 49,8% terwyl die jeugwerkloosheid 61,7% beloop het.[29]

## Dienslewering

Die watertoestand in die munisipaliteit is uiters sorgwekkend. Slegs 4,6% van die bevolking het toegang tot lopende water in hulle woning, en hierdie syfer toon selfs agteruitgang oor die betrokke tydperk. In 2019 het Noordwes se premier, Job Mokgoro, onderneem om die dooiepuntsituasie rondom die voltooiing van die Taung-dam op te los.[30] Die dam is veronderstel om water te voorsien aan 126 dorpies en nedersettings in die omringende munisipaliteite, maar dit bly onseker of die implementering van die projek gefinaliseer is. AfriForum het nie die drink- of rioolwater in die munisipaliteit getoets nie en dit bly dus onduidelik wat die gehalte van die drink- en rioolwater is. Slegs 7,9% van alle huishoudings in Groter Taung het toegang tot 'n spoeltoilet wat aangesluit is by 'n rioolstelsel; hierdie syfer het selfs oor die betrokke tydperk verder gekrimp.[31]

Die elektrisiteitsprentjie is egter belowender: 92,7% van alle huishoudings maak gebruik van elektrisiteit vir huisverligting. Dit is 'n aanmerklike verbetering op die 88,5% wat opgeteken is in 2011. Dieselfde vooruitgang is egter nie te bespeur ten opsigte van vullisverwydering nie: Slegs 5,2% van huishoudings word voorsien van weeklikse vullisverwydering deur die munisipaliteit – 'n agteruitgang op die 7,4% opgeteken in 2011. AfriForum het nie enige vullisterreine in hierdie munisipaliteit getoets nie, maar die betreurenswaardige staat van die meeste terreine in die Noordwes-provinsie en die gebrek aan vullisverwyderingsdienste in die Groter Taung-gebied stem mens nie hoopvol oor enige doeltreffendheid op hierdie gebied nie.

## Bestuur

Die ouditmening soos verskaf deur die OG vir die 2017/2018-finansiële jaar was "gekwalifiseerd met bevindings".[32] Die bevindings van voorafgaande jare was eweneens "gekwalifiseerd met bevindings". Die OG het ernstige bedenkinge uitgespreek oor die gehalte van die munisipaliteit se finansiële state. Daar was herhaalde bevindings wat gedui het op nie-nakoming van sleutelwetgewing en gebrekkige verkrygingsprosesse.

Die munisipaliteit het aan die einde van Junie 2018 beskik oor 'n positiewe kontantsaldo van R222 506 924.[33] Meer as eenderde van die bedryfsuitgawes is bestee op personeel se salarisse en lone.

**Punt toegeken aan Groter Taung: 2,5 uit 10**

---

25 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Greater Taung Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1196/greater-taung-local-municipality.

26 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Greater Taung Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1196/greater-taung-local-municipality.

27 Stats SA. 2020. *Greater Taung.* Beskikbaar by http://www.statssa.gov.za/?page_id=993&id=greater-taung-municipality.

28 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Greater Taung Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1196/greater-taung-local-municipality..

29 Stats SA. 2020. *Greater Taung.* Beskikbaar by http://www.statssa.gov.za/?page_id=993&id=greater-taung-municipality.

30 South African Government News Agency. 2019. *Taung Dam impasse to be resolved.* 4 April. Beskikbaar by https://www.sanews.gov.za/south-africa/taung-dam-impasse-be-resolved.

31 Stats SA. 2020. *Greater Taung.* Beskikbaar by http://www.statssa.gov.za/?page_id=993&id=greater-taung-municipality.

32 Auditor-General of South Africa. 2019. *Provincial overviews.* Beskikbaar by https://www.agsa.co.za/Portals/0/Reports/PFMA/201819/GR/PFMA2018-19%20-%20Section%208.pdf.

33 Municipal Money. 2019. *Greater Taung.* Beskikbaar by https://municipalmoney.gov.za/profiles/municipality-NW394-greater-taung/.

# JB Marks Plaaslike Munisipaliteit

## Demografiese en sosio-ekonomiese aanwysers

Die bevolking van hierdie munisipaliteit het toegeneem van 219 463 mense wat aan 67 098 huishoudings behoort in 2011, tot 243 527 mense in 80 572 huishoudings in 2016.[34] Mense jonger as 15 jaar het 28,2% van die bevolking uitgemaak; mense tussen 15 en 64 jaar 66,9% en diegene ouer as 65 jaar verteenwoordig 4,9%.

Die persentasie mense ouer as 20 jaar sonder voltooide skoolopleiding het 'n effense vermindering getoon: van 9,2% in 2011 tot 8,9% in 2016.[35] Die groep mense wat beskik oor 'n Nasionale Senior Sertifikaat het toegeneem van 26,6% tot 30,7% terwyl die persentasie van mense met 'n tersiêre kwalifikasie gestyg het van 11,4% tot 12,6%.

As gevolg van die onlangse totstandkoming van die JB Marks-munisipaliteit (dit is gestig in 2016), is deursnee-taalgegewens nie beskikbaar nie. Daar kan egter wel afleidings gemaak word uit die gegewens van die vorige munisipaliteite wat in die nuwe munisipaliteit saamgevoeg is: Tlokwe en Ventersdorp. In Potchefstroom (die hoofdorp van die voormalige Tlokwe) is Tswana (met 40% moedertaalsprekers) en Afrikaans (met 27,1% moedertaalsprekers) verreweg die algemeenste spreektale.[36] In Ventersdorp is Tswana beslis die algemeenste spreektaal: amper 75% van die bevolking het dit as moedertaal.[37] Afrikaans neem die tweede plek in met 9%; die persentasies van ander amptelike tale wat in die gebied gebesig word, is onbeduidend.

Ruim 82% van alle huishoudings woon in formele behuising en hierdie persentasie het bly toeneem oor die tydperk.[38] Geen betroubare statistiek oor die amptelike werkloosheidsyfer of jeugwerkloosheidsyfer kon opgespoor word nie.

## Dienslewering

Die deel van die bevolking wat toegang het tot lopende water in die huis het tussen 2011 en 2016 afgeneem van 49% tot 46%. Dit is daaraan te wyte dat die uitbreiding van dienste nie tred hou met die bevolkingsgroei nie.[39] AfriForum se blou-en-groendruppelverslag 2020 toon aan dat Potchefstroom se drinkwater deurentyd skoon bevind is sedert die organisasie met metings begin het in 2013.[40] Ventersdorp se water is ook oor die algemeen as skoon getoets (alhoewel daar geen toetse uitgevoer is in 2019 nie).

Die munisipaliteit se jongste geïntegreerde ontwikkelingsplan (GOP) vermeld dat die sanitasie in JB Marks verbeter het, omdat die syfers toon dat daar 'n volgehoue styging was in die aantal huishoudings met toegang tot spoeltoilette, van 71% in 2011 tot 76% in 2016.

Potchefstroom se rioolwaterstelsels is geklassifiseer as skoon deur AfriForum tydens die laaste twee jaar wat metings daar verrig is. Volgens die munisipaliteit se GOP staan toegang tot elektrisiteit tans op 87% en vullisverwydering is uitgebrei na 71% van alle huishoudings in 2016 terwyl dit in 2011 op 57% gestaan het. AfriForum se verslag oor vullisterreine het uitgewys dat Potchefstroom se vullisterreine vinnig agteruitgaan. Die jongste puntetoekenning was 16%, terwyl voormalig puntetoekennings soos volg was: 100% (2016), 90% (2017), 94% (2018) en 64% (2019). Boonop het Ventersdorp net 3% behaal in 2018 en 0% in 2020 (die enigste jare waarin dit geëvalueer is).[41]

34 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: JB Marks Local Municipality – Demographic information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1246/jb-marks-local-municipality.

35 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: JB Marks Local Municipality – Demographic information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1246/jb-marks-local-municipality.

36 Stats SA. 2020. *Tlokwe.* Beskikbaar by http://www.statssa.gov.za/?page_id=993&id=tlokwe-city-council-municipality.

37 Stats SA. 2020. *Ventersdorp.* Beskikbaar by http://www.statssa.gov.za/?page_id=993&id=ventersdorp-municipality.

38 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: JB Marks Local Municipality* – Demographic information. Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1246/jb-marks-local-municipality.

39 JB Marks Local Municipality. 2019. *JB Marks Local Municipality Final Integration Plan 2018-2019.* Beskikbaar by http://www.jbmarks.co.za/sites/default/files/2019-06%20documents/Finale%20%20IDP%20Doc.%202018-19%20FINAL.pdf.

40 AfriForum. 2020. *Blou-en-groendruppelprojek 2020.* Beskikbaar by https://afriforum.co.za/wp-content/uploads/2020/11/Blou-en-groen_2020_Afrikaans.pdf.

41 AfriForum. 2020. *Takprojekverslag oor die munisipalevullisterreinoudit vir 2020.* Beskikbaar by https://afriforum.co.za/wp-content/uploads/2020/06/Vullisterreinouditverslag.pdf.

# Bestuur

Die OG se ouditmening vir die 2017/2018- finansiële jaar was "gekwalifiseerd met bevindings", maar dit het wel 'n verbetering ten opsigte van voorafgaande verslae getoon.[42] Die munisipaliteit het onreëlmatige uitgawes ten bedrae van R1,5 miljard gemaak en was een van vyf munisipaliteite wat 'n bydrae van 63% gemaak het tot die totale bedrag van onreëlmatige besteding in Noordwes. Die munisipaliteit het ook R168 miljoen bestee op ongemagtigde uitgawes en R3,7 miljoen op vrugtelose en verkwistende uitgawes. Die feit dat daar geen negatiewe gevolge verbind is aan swak prestasie nie en dit dus nie ontmoedig is nie, asook die vele vakatures in sleutelposte, is geïdentifiseer as die belangrikste oorsake van hierdie probleme. Die OG se ouditmening was ook "gekwalifiseerd met bevindings" vir 2018/2019.[43]

JB Marks se kontantsaldo aan die einde van Junie 2018 was R246 646 388, en 1,8 maande se bedryfsuitgawes kon destyds gedek word met die beskikbare kontant.[44] Salarisse en lone van personeel maak ongeveer 25% van die bedryfsuitgawes uit.

In Mei 2019 is die munisipaliteit boonop onder administrasie geplaas.[45] In 'n brief van die LUR vir Plaaslike Regering van Noordwes aan die burgemeesterskantoor van JB Marks is die redes vir die besluit nie volledig uiteengesit nie, maar die brief het wel melding gemaak van duidelike tekens van swak administrasie en bestuur in die munisipaliteit, wat 'n onwenslike uitwerking het op dienslewering.

**Punt toegeken aan JB Marks: 4 uit 10**

[42] Auditor-General of South Africa. 2019. *Provincial overviews.* Beskikbaar by https://www.agsa.co.za/Portals/0/Reports/PFMA/201819/GR/PFMA2018-19%20-%20Section%208.pdf.

[43] Auditor-General of South Africa. 2020. *Consolidated General Report on National and Provincial Audit Outcomes.* Beskikbaar by https://www.agsa.co.za/Portals/0/Reports/PFMA/201819/GR/2018-19%20PFMA%20Consol%20GR.PDF.

[44] Municipal Money. 2019. *Ventersdorp/Tlokwe.* Beskikbaar by https://municipalmoney.gov.za/profiles/municipality-NW405-ventersdorptlokwe/.

[45] Evans, S. 2019. *JB Marks Municipality in the North West placed under administration.* Mail & Guardian, 15 May. Beskikbaar by https://mg.co.za/article/2019-05-15-b-marks-municipality-in-the-north-west-placed-under-administration/.

# Kagisano-Molopo Plaaslike Munisipaliteit

## Demografiese en sosio-ekonomiese aanwysers

Die munisipaliteit het 'n krimpende bevolking wat geval het van 105 789 mense wat tot 28 531 huishoudings behoort het in 2011, tot 102 703 mense in 28 274 huishoudings in 2016.[46] Mense jonger as 15 jaar maak 35,9% van die bevolking uit; diegene tussen 15 en 64 jaar 58,5% en mense ouer as 65 jaar verteenwoordig 5,5%.

Die persentasie mense ouer as 20 jaar sonder voltooide skoolopleiding het geval van 28,6% in 2011 tot 25,7% in 2016.[47] Die aantal mense wat oor 'n Nasionale Senior Sertifikaat beskik, het toegeneem van 14% tot 18,3% en die groep met tersiêre kwalifikasies het effens gedaal van 4,5% tot 3,9%. Tswana is die huistaal van 90% van die bevolking; die tweede algemeenste taal is Afrikaans met 'n skamele 3,4% moedertaalsprekers.[48]

'n Oorgroot meerderheid van die bevolking (94,4%) woon in formele behuising – 'n styging vergeleke met die 89% in 2011.[49] Die jongste syfer oor amptelike werkloosheid was 30,2% en die jeugwerkloosheidsyfer was 38,8%.

## Dienslewering

'n Uiters klein deel (3,4%) van alle huishoudings in Kagisano-Molopo het toegang tot lopende water in hulle huis.[50] Ongelukkig moet daar vermeld word dat dit 'n taamlike groot daling is vergeleke met die 11,3% wat aangeteken is in 2011. AfriForum het nie die gehalte van die drinkwater of rioolstelsels in die munisipaliteit ondersoek nie en geen betroubare gevolgtrekkings kan dus gemaak word oor hierdie kwessies nie.

Wanneer gekyk word na toegang tot riolering is die prentjie ewe somber. Slegs 4,3% van die bevolking het toegang tot 'n spoeltoilet wat aangesluit is op 'n rioolstelsel. Dit verteenwoordig 'n daling vergeleke met die 7,5% wat aangeteken is in 2011.[51] Daar is egter wel 'n groot aantal huishoudings (83,2%) wat elektrisiteit gebruik vir verligting en hierdie syfer het gegroei in vergelyking met die 73,8% behaal in 2011. Die skokkendste melding is egter dat nie een enkele huishouding voorsien word van weeklikse vullisverwydering deur die munisipaliteit nie; 'n verdere verlaging van die 1% aangeteken in 2011. AfriForum het nie die nakoming van nasionale standaarde ten opsigte van vullisterreine gemeet in hierdie munisipaliteit nie en daar kan dus geen bevindings hieroor meegedeel word nie.

---

46 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Kagisano-Molopo Local Municipality – Demographic Information*. Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1232/kagisano-molopo-local-municipality.

47 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Kagisano-Molopo Local Municipality – Demographic Information*. Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1232/kagisano-molopo-local-municipality.

48 Stats SA. 2020. *Kagisano Molopo*. Beskikbaar by http://www.statssa.gov.za/?page_id=993&id=kagisanomolopo-municipality..

49 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Kagisano-Molopo Local Municipality – Demographic Information*. Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1232/kagisano-molopo-local-municipality.

50 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Kagisano-Molopo Local Municipality – Demographic Information*. Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1232/kagisano-molopo-local-municipality.

51 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Kagisano-Molopo Local Municipality – Demographic Information*. Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1232/kagisano-molopo-local-municipality.

# Bestuur

Die OG se ouditmening vir die 2017/2018- finansiële jaar was "afgewys met bevindings" en dit het gedui op verdere agteruitgang.[52] Soos baie ander munisipaliteite in die provinsie is daar ernstige bevindings oor die gehalte van die finansiële state wat die munisipaliteit beskikbaar gestel het. Besteding van meer as R111 miljoen aan onreëlmatige uitgawes asook R25 miljoen aan ongemagtigde uitgawes is net in die betrokke verslagjaar alleen aangegaan. Die opgehoopte uitstaande onreëlmatige uitgawes het ongeveer R388 miljoen beloop. Die feit dat daar geen negatiewe gevolge verbind is aan swak prestasie nie en dit dus nie ontmoedig is nie, asook wisselvallige besetting van sleutelposte het bygedra tot hierdie betreurenswaardige stand van sake. In 2019 het die munisipaliteit ternouernood op regsgronde wettig ontkom aan 'n poging van die provinsiale regering om die munisipaliteit onder administrasie te plaas; die poging is slegs afgeweer omdat die korrekte prosedures nie gevolg is nie.[53] Die munisipaliteit is egter reeds in Augustus 2018 onder administrasie geplaas om te voorkom dat dit in duie stort en weens sy onvermoë om dienste aan bewoners te lewer.[54] Hierdie toedrag van sake het daartoe gelei dat gemeenskappe geweier het om te stem in die 2019 verkiesing en dat hulle proteste van stapel gestuur het op die verkiesingsdag. Die ouditmening vir 2018/2019 was "gekwalifiseerd met bevindings".[55] Die munisipaliteit se kontantsaldo aan die einde van Junie 2018 was R38 607 324 – skaars voldoende om 2,5 maande se bedryfsuitgawes te dek.[56] 'n Persentasie van 17,06% van uitgawes is bestee op personeel se salarisse en lone.

**Punt toegeken aan Kagisano-Molopo: 1,5 uit 10**

[52] Auditor-General of South Africa. 2019. *Provincial overviews.* Beskikbaar by https://www.agsa.co.za/Portals/0/Reports/PFMA/201819/GR/PFMA2018-19%20-%20Section%208.pdf.

[53] Ngatane, N. 2019. *Placement of Kagisano-Molopo Municipality under administration set aside.* Eyewitness News. Beskikbaar by https://ewn.co.za/2019/09/16/placement-of-kagisano-molopo-municipality-under-administration-set-aside.

[54] Tshehle, B. 2019. *Angry villagers boycott polls.* Sowetan Live, 9 May. Beskikbaar by https://www.sowetanlive.co.za/news/south-africa/2019-05-09-angry-villagers-boycott-polls/.

[55] Auditor-General of South Africa. 2020. *Consolidated General Report on the Local Government Outcomes.* Beskikbaar by https://www.agsa.co.za/Portals/0/Reports/MFMA/201819/GR/MFMA%20GR%202018-19%20Final%20View.pdf.

[56] Municipal Money. 2019. *Kagisano/Molopo.* Beskikbaar by https://municipalmoney.gov.za/profiles/municipality-NW397-kagisanomolopo/.

# Kgetlengrivier Plaaslike Munisipaliteit

## Demografiese en sosio-ekonomiese aanwysers

Die munisipaliteit het in 2016 'n bevolking gehad van amper 60 000 mense wat behoort het tot 18 787 huishoudings; dit het dus toegeneem in vergelyking met die ongeveer 51 000 mense in 14 673 huishoudings in 2011.[57] Die deel van die bevolking jonger as 15 jaar het 'n stygende tendens vertoon en maak nou eenderde van die bevolking uit. Die bevolking tussen 15 en 64 jaar oud neem juis af en maak 61% uit, met mense ouer as 65 jaar wat 5,4% verteenwoordig.

Persone ouer as 20 jaar sonder voltooide skoolopleiding het afgeneem van amper 16% in 2011 tot 8,4% in 2011.[58] Mense wat beskik oor die Nasionale Senior Sertifikaat verteenwoordig nou 27,3% van die bevolking en mense met 'n tersiêre kwalifikasie staan op 7% – dit wys dus 'n verbetering op alle vlakke van onderwys. Die oorgrote meerderheid (meer as tweederdes van die bevolking) het Tswana as huistaal; Afrikaans en Engels volg met onderskeidelik 17,4% en 4,2%.[59] Ten opsigte van behuising woon 67% van die bevolking nou in formele behuising; dit is egter 'n agteruitgang vergeleke met die ongeveer 72% in 2011. Volgens die munisipaliteit se GOP vir 2019/2020 is die werkloosheidsyfer 23%.[60] Dit was 20,5% (met 26% jeugwerkloosheid) in 2011. Die munisipaliteit is sterk afhanklik van die mynbousektor.[61]

## Dienslewering

Watervoorsiening toon agteruitgang oor die tydperk en slegs 27,7% van huishoudings het tans lopende water in hulle huise, vergeleke met amper 35% in 2011.[62] AfriForum se toetsmeting wys dat die water in die dorp Koster in Kgetlengrivier skoon was in 2017, 2018 en 2019.[63]

Wat betref rioolstelsels het 62,5% van huishoudings toegang tot 'n spoeltoilet wat aangesluit is by 'n rioolstelsel; hierdie syfer het 52% beloop in 2011. Elektrisiteit vir verligting word gebruik deur 87% van alle huishoudings en hierdie persentasie het deurlopend toegeneem oor die tydperk. Die staat van vullisverwydering is egter nie bemoedigend nie, met slegs 27,5% van alle huishoudings wat van weeklikse vullisverwydering voorsien word deur die munisipaliteit. Die meeste huishoudings maak steeds gebruik van hulle eie vullishope. Vullisverwydering toon 'n afname vergeleke met die 44,5% wat amper 'n dekade gelede behaal is. AfriForum se vullisterreinoudit van 2020 toon feitlik geen nakoming nie met 'n telling van slegs 4% in daardie jaar en 2% in 2020.[64]

## Bestuur

Die munisipaliteit het 'n ouditmening "afgewys met bevindings" ontvang van die OG vir albei oudits van die afgelope twee finansiële jare.[65] Dit hou 'n verdere agteruitgang in van die ouditmening "ongekwalifiseerd" in die 2016/2017- finansiële jaar. Dit was ook een van die munisipaliteite wat 'n intervensie ondergaan het van die provinsiale uitvoerende gesag ingevolge artikel 139(1)(b) van die Grondwet. Die munisipaliteit het boonop onreëlmatige uitgawes ten bedrae van R14,2 miljoen aangegaan in 2017/2018 en die opgehoopte onreëlmatige bestedingsbedrag staan op R69 miljoen. Vrugtelose en verkwistende besteding het R4,6 miljoen beloop, en in die geval van Kgetlengrivier was al die moontlike grondliggende oorsake hiervoor van toepassing, soos die feit dat geen negatiewe gevolge verbind is aan swak prestasie nie en dit dus nie ontmoedig is nie, asook die vele vakatures in sleutelposte.

Aan die einde van die 2017/2018- finansiële jaar het die munisipaliteit 'n negatiewe kontantsaldo gehad ten bedrae van R7 888 026.[66] Amper 30% van die bedryfsbegroting is bestee op personeel se salarisse en lone.

**Punt toegeken aan Kgetlengrivier: 1,5 uit 10**

[57] Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Kgletlengrivier Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1187/kgetlengrivier-local-municipality.

[58] Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Kgletlengrivier Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1187/kgetlengrivier-local-municipality.

[59] Stats SA. 2020. *Kgetleng Rivier.* Beskikbaar by http://www.statssa.gov.za/?page_id=993&id=kgetlengrivier-municipality.

[60] Kgetlengrivier Local Municipality. 2020. *Integrated Development Plan 2019-'20.* Beskikbaar by https://www.kgetlengrivier.gov.za/intergrated-development-plan/.

[61] Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Kgletlengrivier Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1187/kgetlengrivier-local-municipality.

[62] Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Kgletlengrivier Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1187/kgetlengrivier-local-municipality.

[63] AfriForum. 2019. *AfriForum-takprojekverslag: Blou-en-groendruppelprojek 2019.* Beskikbaar by https://www.afriforum.co.za/wp-content/uploads/2019/09/AfriForum-Blou-en-groendruppelverslag.pdf.

[64] AfriForum. 2020. *Takprojekverslag oor die munisipalevullisterreinoudit vir 2020.* Beskikbaar by . https://afriforum.co.za/wp-content/uploads/2020/06/Vullisterreinouditverslag.pdf.

[65] Auditor-General of South Africa. 2020. *Consolidated General Report on the Local Government outcomes.* Beskikbaar by https://www.agsa.co.za/Reporting/MFMAReports/2017-2018MFMA.aspx.

[66] Municipal Money. 2019. *Kgetlengrivier.* Beskikbaar by https://municipalmoney.gov.za/profiles/municipality-NW374-kgetlengrivier/.

# Lekwa-Teemane Plaaslike Munisipaliteit

## Demografiese en sosio-ekonomiese aanwysers

Die bevolking van die munisipaliteit Lekwa-Teemane neem geleidelik toe en het in 2016 gestaan op 56 025 mense wat behoort tot 16 496 huishoudings, vergeleke met 53 248 in 15 000 huishoudings in 2011.[67] Die bevolking toon ook geleidelike veroudering, met die aandeel van mense jonger as 15 jaar wat geval het van 31,8% tot 31,6%. Die groep mense tussen 15 en 64 jaar het toegeneem van 62,1% tot 62,8% en diegene ouer as 65 jaar maak nou 5,6% van die bevolking uit.

Die onderwysvlak het konstante verbetering getoon. Die persentasie van mense ouer as 20 jaar sonder voltooide skoolopleiding het gedaal van 17,9% tot 9,6% in vyf jaar.[68] Diegene wat beskik oor 'n Nasionale Senior Sertifikaat maak nou 28,1% van die bevolking uit, en mense met tersiêre kwalifikasies verteenwoordig 4,8% van die hele bevolking.

Tswana (die huistaal van 63,3% van die bevolking) en Afrikaans (in die tweede plek met 17,5%) is die twee oorheersende tale in die munisipaliteit.[69] Die aantal huishoudings wat in formele behuising woon, het betekenisvol toegeneem van 79,2% tot 93,3% vandag.[70]

Die munisipaliteit se webwerf bevat nie 'n onlangs opgedateerde GOP nie en dus kon die jongste werkloosheidsyfer nie met sekerheid vasgestel word nie. Die amptelike syfer in 2011 was 30,5% en die jeugwerkloosheidsyfer was digby 40% op daardie tydstip.

## Dienslewering

Die persentasie huishoudings met toegang tot lopende water in hulle huis het grootliks onveranderd gebly oor die tydperk en staan op 30%. AfriForum se eie oudit het aangetoon dat Christiana se water skoon was oor die tydperk 2014 tot 2020.[71]

Die persentasie huishoudings wat beskik oor 'n spoeltoilet wat aangesluit is by 'n rioolstelsel het effens verbeter van 86,8% tot 87,1%, terwyl die groep mense wat elektrisiteit gebruik vir verligting toegeneem het van 86,1% tot 94,1%.[72] Weeklikse vullisverwydering deur die munisipaliteit het ook bemoedigende vooruitgang getoon: van 73,5% van alle huishoudings tot amper 86%. AfriForum se oudit van vullisterreine wys egter die haglike toestand van vullisterreine in die munisipaliteit uit. Bloemhof en Christiana het slegs 'n telling behaal van onderskeidelik 44% en 18% in 2020. In die voorafgaande jare was die syfers net so power.[73]

## Bestuur

Die laaste drie ouditmenings verskaf deur die OG was almal "afgewys".[74] Tussen ander verdoemende uitsprake het die OG die volgende bevinding gemaak in die verslag vir 2017/2018:[75]

> The financial statements were not properly reviewed by the accounting officer before being submitted for audit. Key management vacancies have not been filled and the municipality continues to rely on the work and assistance of consultants.

Opgehoopte onreëlmatige besteding van meer as R60 miljoen is aangeteken in die verslag vir 2017/2018, waarvan R1,2 miljoen net vir daardie jaar alleen. Vrugtelose en verkwistende besteding het R4,2 miljoen beloop; die 2017/2018- finansiële jaar het afgesluit met 'n positiewe kontantsaldo van R1 707 721.[76] Ongeveer 20% van die bedryfsbegroting is bestee aan personeel se salarisse en lone.

**Punte toegeken aan Lekwa-Teemane: 1,5 uit 10**

---

67 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Lekwa-Teemane Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1198/lekwa-teemane-local-municipality.

68 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Lekwa-Teemane Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1198/lekwa-teemane-local-municipality.

69 Stats SA. 2020. *Lekwa-Teemane.* Beskikbaar by http://www.statssa.gov.za/?page_id=993&id=lekwa-teemane-municipality.

70 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Lekwa-Teemane Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1198/lekwa-teemane-local-municipality.

71 AfriForum. 2020. *Blou-en-groendruppelprojek 2020.* Beskikbaar by https://afriforum.co.za/wp-content/uploads/2020/11/Blou-en-groen_2020_Afrikaans.pdf.

72 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Lekwa-Teemane Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1198/lekwa-teemane-local-municipality.

73 AfriForum. 2020. *Takprojekverslag oor die munisipalevullisterreinoudit vir 2020.* Beskikbaar by . https://afriforum.co.za/wp-content/uploads/2020/06/Vullisterreinouditverslag.pdf.

74 Auditor-General of South Africa. 2020. *Consolidated General Report on the Local Government outcomes.* Beskikbaar by https://www.agsa.co.za/Reporting/MFMAReports/2017-2018MFMA.aspx.

75 Auditor-General of South Africa. 2019. *Provincial overviews.* Beskikbaar by https://www.agsa.co.za/Portals/0/Reports/PFMA/201819/GR/PFMA2018-19%20-%20Section%208.pdf.

76 Municipal Money. 2019. *Lekwa-Teemane.* Beskikbaar by https://municipalmoney.gov.za/profiles/municipality-NW396-lekwa-teemane/.

# Madibeng Plaaslike Munisipaliteit

## Demografiese en sosio-ekonomiese aanwysers

Madibeng is een van Noordwes se munisipaliteite met 'n hoër bevolkingsdigtheid en die bevolking neem steeds toe. Die bevolking het gegroei van 476 000 mense wat behoort tot 160 000 huishoudings in 2011 tot 536 111 mense wat tot 193 000 huishoudings behoort in 2016.[77] Die persentasie van die bevolking jonger as 15 jaar het toegeneem van 25,1% tot 29,7%, en die persentasie mense tussen 15 en 64 jaar het gedaal van 69,3% tot 66%. Die groep mense ouer as 65 jaar staan op 4,7%.
Die persentasie van mense ouer as 20 jaar sonder voltooide skoolopleiding het geval van 7,6%, wat reeds laag was, tot 5,1%; die groep mense wat 'n Nasionale Senior Sertifikaat behaal het, het deurentyd groei getoon van 27,1% tot 32,2%.[78] Die persentasie mense met tersiêre opleiding het egter afgeneem van 7,2% tot 6,8%. Alhoewel Tswana, wat die huistaal is van 42,8% van die bevolking, verreweg die grootste taal in hierdie munisipaliteit is, is die taalprofiel van die ander amptelike tale meer eweredig versprei.[79] Huishoudings wat in formele behuising woon, maak 63,3% van alle huishoudings uit. Daar is nie onlangse betroubare statistiese gegewens beskikbaar oor die werkloosheidsyfer in Madibeng nie. Die jongste bekende werkloosheidsyfer was 30,4% in 2011, met 38,2% jeugwerkloosheid.[80]

## Dienslewering

Die drinkwatervoorsiening in Madibeng bly problematies vanweë die aanhoudende toename in die bevolking. Slegs 16% van huishoudings het tans toegang tot lopende water in hulle huise, vergeleke met 22% in 2011.[81] AfriForum se eie oudit het aangetoon dat Brits nie voldoen het aan die minimum standaarde vir watergehalte in 2019 nie, terwyl dit wel aan die vereistes vir skoon water voldoen het in die tydperk 2016 tot 2018.[82]
Die persentasie huishoudings wat toegang het tot 'n spoeltoilet wat aangesluit is by 'n rioolstelsel het konstant gebly oor die tydperk, met 'n beskeie persentasie van 27,3%. Die persentasie van diegene wat elektrisiteit gebruik vir verligting het toegeneem van 80% in 2011 tot 88%.[83] Weeklikse vullisverwydering deur die munisipaliteit het toegeneem van 25% tot 35% van alle huishoudings, maar dit bly 'n geringe persentasie. Die meeste inwoners gebruik steeds hul eie vullishoop om van hulle vullis ontslae te raak. AfriForum se vullisterreinoudit toon aan dat die Hartebeesfontein-vullisterrein 'n telling gekry het van 26% in 2020.[84]

## Bestuur

Oor die afgelope vier finansiële jare in hierdie munisipaliteit word 'n kommerwekkende neiging sigbaar. Oor hierdie hele tydperk het Madibeng 'n ouditmening van "afgewys" ontvang. Die munisipaliteit het onreëlmatige uitgawes ten bedrae van R61 miljoen in 2017/2018 aangegaan asook vrugtelose en verkwistende uitgawes van R21,5 miljoen. Die OG het verskeie verdoemende uitsprake gemaak. Hy het onder andere aangevoer dat daar geen doeltreffende stappe geneem is om onreëlmatige besteding te voorkom nie en ook nie redelike stappe om vrugtelose en verkwistende uitgawes te verhinder nie. Daar was verskeie amptelike en onafhanklike lopende ondersoeke na bedrog en diefstal in die gebied.[85] Geen respons is getoon om interne beheer te versterk nie. Vakatures en wisselvalligheid in sleutelposisies is ook aangedui as relevante faktore wat bygedra het tot die swak ouditmening.
Die munisipaliteit het 'n taamlik gesonde kontantsaldo van R33 691 839 getoon aan die einde van die finansiële jaar in 2018; amper 20% van die bedryfsbegroting is uitgegee op personeel se salarisse en lone.[86]

**Punt toegeken aan Madibeng: 2 uit 10**

77 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Madibeng Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1188/madibeng-local-municipality.

78 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Madibeng Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1188/madibeng-local-municipality.

79 Stats SA. 2020. *Madibeng.* Beskikbaar by http://www.statssa.gov.za/?page_id=993&id=madibeng-municipality.

80 Pelo, L.H. 2017. *The social and economic impact of mining in the Brits area of Madibeng municipality.* Unpublished dissertation, University of the Witwatersrand. Beskikbaar by http://wiredspace.wits.ac.za/bitstream/handle/10539/27635/Pelo_HL_677042_BUSA_7417.pdf?sequence=1.

81 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Madibeng Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1188/madibeng-local-municipality.

82 AfriForum. 2019. *AfriForum-takprojekverslag: Blou-en-groendruppelprojek 2019.* Beskikbaar by https://www.afriforum.co.za/wp-content/uploads/2019/09/AfriForum-Blou-en-groendruppelverslag.pdf.

83 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Madibeng Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1188/madibeng-local-municipality.

84 AfriForum. 2020. *Takprojekverslag oor die munisipalevullisterreinoudit vir 2020.* Beskikbaar by https://afriforum.co.za/wp-content/uploads/2020/06/Vullisterreinouditverslag.pdf .

85 Municipal Money. 2019. *Madibeng.* Beskikbaar by https://municipalmoney.gov.za/profiles/municipality-NW372-local-municipality-of-madibeng/.

86 Municipal Money. 2019. *Madibeng.* Beskikbaar by https://municipalmoney.gov.za/profiles/municipality-NW372-local-municipality-of-madibeng/.

# Mahikeng Plaaslike Munisipaliteit

## Demografiese en sosio-ekonomiese aanwysers

Die Mahikeng-munisipaliteit se bevolking het gegroei van 291 527 mense wat tot 84 239 huishoudings behoort in 2011 tot 314 394 mense wat tot 103 333 huishoudings behoort in 2016.[87]

Die bevolking in die werksleeftyd (tussen 15 en 64 jaar) het in hierdie tydperk toegeneem van ongeveer 64% tot 71%, terwyl die groep jonger as 15 jaar gedaal het tot 24,4% (van 30,8%) en die persentasie van mense ouer as 65 jaar ook afgeneem het, van 4,8% tot 4,3%.

Die persentasie mense ouer as 20 jaar sonder voltooide skoolopleiding het geval van 10,3% tot 7,1% terwyl die groep wat 'n Nasionale Senior Sertifikaat behaal het, 'n toename van 26% tot 30% getoon het.[88] Die groep mense wat tersiêre kwalifikasies het, het gedaal van 12,4% tot 10,9%.

Tswana is die oorheersende taal in die munisipaliteit, met amper 77% van die bevolking wat moedertaalsprekers daarvan is.[89] Die voorkoms van Engels (4,5%), Xhosa (3,8%), Suid-Sotho (3,4%) en ander amptelike tale is onbeduidend.

Die persentasie van huishoudings wat in formele behuising woon het effens gedaal, van 87,3% tot 86,8% van die totale bevolking.

Daar is geen onlangse werkloosheidsgegewens beskikbaar vir die munisipaliteit nie; die laas bekende syfer was 35,7% in 2011 (met jeugwerkloosheid op 47,1%).

## Dienslewering

Die persentasie wonings met lopende water in die huis het aanmerklik gedaal: van byna 31% van huishoudings tot ongeveer 23%.[90] AfriForum se eie oudit het aangetoon dat Mahikeng se water skoon was in 2018, 2019 en 2020 en dus voldoen het aan die minimum standaarde.[91]

In 2011 het 29,2% van alle huishoudings toegang gehad tot 'n spoeltoilet wat aangesluit is by 'n rioolstelsel; dit het afgeneem tot 24,5% in 2018. Die aantal huishoudings wat elektrisiteit gebruik vir verligting het gestyg van 84,5% tot 92,4%.[92] Wat vullisverwydering betref, het die persentasie huishoudings met weeklikse vullisverwydering effens gedaal, van 58,8% tot 58,6%. 'n Groot aantal huishoudings maak steeds gebruik van hul eie vullishoop. AfriForum se oudit van vullisterreine bevat geen inligting oor vullisterreine in hierdie munisipaliteit nie.[93]

## Bestuur

Oor die afgelope vyf finansiële jare het die munisipaliteit vier keer die ouditmening "afgewys" ontvang en een keer 'n gekwalifiseerde mening (in 2017).[94] Die OG het die volgende mening gegee in sy 2018-verslag oor Mahikeng:

> Leadership did not provide adequate oversight and monitoring of the control environment, financial performance, implementation of consequence management over recurring supply chain management transgressions and the implementation of a post-audit action plan. This resulted in the weak financial viability and recurrence of material findings over financial and performance information and compliance with laws and regulations.

Die munisipaliteit het onreëlmatige besteding ten bedrae van R211 miljoen aangegaan in 2017/2018, en die opgehoopte balans van onreëlmatige besteding staan op amper R1 miljard.[95]

Ongemagtigde besteding van R107 miljoen en R2,4 miljoen aan vrugtelose en verkwistende besteding het plaasgevind in 2017/2018. Vakatures in sleutelposisies, ondoeltreffende respons op swak prestasie en gebrek aan pogings om interne beheer te verbeter is alles aangevoer as faktore verantwoordelik vir hierdie betreurenswaardige stand van sake. Die OG het die volgende onheilspellende opmerking gemaak in sy 2019-verslag:[96]

> The story of Mahikeng remains one of an uncertain future due to the municipality's inability to address several red flags.

Die munisipaliteit het 'n negatiewe kontantsaldo van R24 155 463 getoon aan die einde van Junie 2018. Die begroting vir kapitaalbesteding is vir die volle 100% onderbestee; amper 31% van die bedryfsbegroting is uitgegee op personeel se salarisse en lone.[97]

**Punt toegeken aan Mahikeng: 1 uit 10**

[87] Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Mahikeng Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1203/mahikeng-local-municipality.

[88] Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Mahikeng Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1203/mahikeng-local-municipality.

[89] Stats SA. 2020. *Mahikeng.* Beskikbaar by http://www.statssa.gov.za/?page_id=993&id=mafikeng-municipality.

[90] Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Mahikeng Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1203/mahikeng-local-municipality.

[91] AfriForum. 2020. *Blou-en-groendruppelprojek 2020.* Beskikbaar by https://afriforum.co.za/wp-content/uploads/2020/11/Blou-en-groen_2020_Afrikaans.pdf.

[92] Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Mahikeng Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1203/mahikeng-local-municipality.

[93] AfriForum. 2020. *Takprojekverslag oor die munisipalevullisterreinoudit vir 2020.* Beskikbaar by https://afriforum.co.za/wp-content/uploads/2020/06/Vullisterreinouditverslag.pdf.

[94] Municipal Money. 2019. *Mafikeng.* Beskikbaar by https://municipalmoney.gov.za/profiles/municipality-NW383-mafikeng/.

[95] Auditor-General of South Africa. 2019. *Provincial overviews.* Beskikbaar by https://www.agsa.co.za/Portals/0/Reports/PFMA/201819/GR/PFMA2018-19%20-%20Section%208.pdf.

[96] Auditor-General of South Africa. 2020. *Consolidated General Report on the Local Government outcomes.* Beskikbaar by https://www.agsa.co.za/Portals/0/Reports/MFMA/201819/GR/MFMA%20GR%202018-19%20Final%20View.pdf.

[97] Municipal Money. 2019. *Mafikeng.* Beskikbaar by https://municipalmoney.gov.za/profiles/municipality-NW383-mafikeng/.

# Mamusa Plaaslike Munisipaliteit

## Demografiese en sosio-ekonomiese aanwysers

Die munisipaliteit se bevolking en die segmentering daarvan het redelik konstant gebly oor die tydperk. Tussen 2011 en 2016 het die bevolking van Mamusa toegeneem van 60 355 mense wat tot 14 625 huishoudings behoort, tot 64 000 mense wat tot 15 473 huishoudings behoort.[98] Die persentasie van mense jonger as 15 jaar maak 36% van die totale bevolking uit; effens minder as die 36,5% van 2011. Mense tussen 15 en 64 jaar verteenwoordig 59,5% van die bevolking (teenoor 58,4% in 2011) en die groep ouer as 65 jaar staan op 4,5% (teenoor 5% in 2011).

Die groep ouer as 20 jaar sonder voltooide skoolopleiding het gekrimp van 24,9% tot 16% en die groep mense met 'n Nasionale Senior Sertifikaat het toegeneem van 17,3% tot 23%. Die groep met tersiêre opleiding het afgeneem van 4,6% tot 2,8%.[99]

Wat taal betref, staan Tswana op die eerste plek, met 84,7% van die bevolking wat dit as hulle huistaal het. Afrikaans beklee 'n baie beskeie tweede plek.[100]

Huishoudings wat in formele behuising woon, het effens toegeneem van 82,5% tot 83,5%. Die werkloosheidsyfer in die munisipaliteit is ongeveer 35% en jeugwerkloosheid staan op 45,8%.[101] Hierdie syfers is heelwat hoër as die nasionale gemiddelde en stel 'n besondere uitdaging daar.

## Dienslewering

Watervoorsiening blyk 'n ernstige probleem te wees in Mamusa. Slegs 13,3% van alle huishoudings het toegang tot lopende water in hulle huise; 'n taamlike afname vergeleke met die 21,9% van 2011.[102] Die gehalte van die drinkwater skommel sterk in onderskeie jare. Dit is as skoon geklassifiseer in 2019, 2017 en 2015, maar die fosfaatvlak was te hoog in 2018 en die nitraatvlak was bo die toegelate norm in 2016.[103]

Ongeveer 67% van alle huishoudings het 'n spoeltoilet wat aangesluit is by 'n rioolstelsel; hierdie syfer was 59,3% in 2011.

In 2011 het 80,8% van alle huishoudings elektrisiteit gebruik vir verligting en dit staan tans op 83,1%. Weeklikse vullisverwydering het betekenisvol toegeneem oor die tydperk 2011 tot 2018: van 45% tot 71,1% van alle huishoudings.[104] Daar is egter steeds baie huishoudings wat gebruik maak van hulle eie vullishope om van huishoudelike vullis ontslae te raak. Schweizer-Reneke se vullisterrein het 'n armsalige telling van 22% behaal in AfriForum se 2020-oudit; in die voorafgaande jaar het dit nie eers 'n telling ontvang nie.[105]

## Bestuur

Tussen 2015 en 2018 het Mamusa 'n afwysing as ouditmening ontvang van die OG. Daar was onvoldoende behoorlike ouditbewys vir ontvangbare rekenings vir uitruiltransaksies, verbruikerskrediteure, eiendom, toerusting en talle ander items.[106]

Onreëlmatige besteding ten bedrae van R6,7 miljoen is aangeteken vir 2017/2018, bo en behalwe vrugtelose en verkwistende besteding van R10,3 miljoen en R5,8 miljoen in ongemagtigde uitgawes.[107]

Die OG het sy kommer uitgespreek oor die gebrekkige toesig deur die ouditkomitee, die gebrek aan 'n toereikende toesigstelsel asook interne hersieningsmeganisme, en baie ander tekortkomings. In 2018/2019 was die munisipaliteit se oudit nie voltooi teen die wetlik vasgestelde datum nie.[108]

Die munisipaliteit het egter 'n positiewe kontantsaldo van meer as R10 miljoen getoon aan die einde van Junie 2018.[109] Ongeveer 31% van die bedryfsbegroting word bestee aan personeel se salarisse en lone.

**Punt toegeken aan Mamusa: 2 uit 10**

98 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Mamusa Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1199/mamusa-local-municipality.

99 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Mamusa Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1199/mamusa-local-municipality.

100 Stats SA. 2020. *Mamusa.* Beskikbaar by http://www.statssa.gov.za/?page_id=993&id=mamusa-municipality.

101 Mamusa Local Municipality. 2019. *Draft Integrated Development Plan 2018-2019.* Beskikbaar by http://www.mamusa.gov.za/sites/default/files/documents/MAMUSADraftIDP20182019.pdf.

102 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Mamusa Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1199/mamusa-local-municipality.

103 AfriForum. 2019. *AfriForum-takprojekverslag: Blou-en-groendruppelprojek 2019.* Beskikbaar by https://www.afriforum.co.za/wp-content/uploads/2019/09/AfriForum-Blou-en-groendruppelverslag.pdf.

104 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Mamusa Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1199/mamusa-local-municipality.

105 AfriForum. 2020. *Takprojekverslag oor die munisipalevullisterreinoudit vir 2020.* Beskikbaar by https://afriforum.co.za/wp-content/uploads/2020/06/Vullisterreinouditverslag.pdf.

106 Municipal Money. 2019. *Mamusa.* Beskikbaar by https://municipalmoney.gov.za/profiles/municipality-NW393-mamusa/.

107 Auditor-General of South Africa. 2019. *Provincial overviews.* Beskikbaar by https://www.agsa.co.za/Portals/0/Reports/PFMA/201819/GR/PFMA2018-19%20-%20Section%208.pdf.

108 Auditor-General of South Africa. 2020. *Consolidated General Report on the Local Government outcomes.* Beskikbaar by https://www.agsa.co.za/Portals/0/Reports/PFMA/201819/GR/2018-19%20PFMA%20Consol%20GR.PDF.

109 Municipal Money. 2019. *Mamusa.* Beskikbaar by https://municipalmoney.gov.za/profiles/municipality-NW393-mamusa/.

# Maquassi Hills Plaaslike Munisipaliteit

## Demografiese en sosio-ekonomiese aanwysers

Die bevolking van Maquassi Hills het gestyg van 77 794 mense wat tot 20 505 huishoudings behoort in 2011, tot 82 012 in 24 706 huishoudings in 2016.[110] Die aandeel van die bevolking jonger as 15 jaar het effens toegeneem in hierdie tydperk, van 33% tot 33,8%; die groep mense tussen 15 en 64 jaar het baie effens gekrimp van 61,8% tot 61,7%; en mense ouer as 65 jaar het verminder van 5,2% tot 4,4% van die bevolking.

Tussen 2011 en 2016 het die groep mense bo 20 jaar sonder voltooide skoolopleiding afgeneem van 23,5% tot 14,7% van die bevolking.[111] Diegene met 'n Nasionale Senior Sertifikaat het toegeneem van 18,9% tot 22,9% terwyl die groep met tersiêre opleiding juis afgeneem het van 4,7% tot 3,7%. Ten opsigte van taal is Tswana die voorloper, met amper 72% van die bevolking wat dit as huistaal besig. Afrikaans (10,6%) en Suid-Sotho (6,6%) neem 'n ver verwyderde tweede en derde plek in. Huishoudings wat in formele behuising woon, het toegeneem van amper 82% tot 85,5%. Daar is nie onlangse betroubare statistiese gegewens beskikbaar oor die werkloosheidsyfer in die munisipaliteit nie; die laas bekende werkloosheidsyfer was werkloosheidsyfer was 33,4% (met jeugwerkloosheid wat op 42,6% gestaan het) in 2011.[112]

## Dienslewering

Die aantal huishoudings met lopende water in die huis het afgeneem van 32,2% tot 28,6%.[113] AfriForum het bevind dat die drinkwater van Wolmaransstad (die grootste dorp in Maquassi Hills) skoon getoets het vir die afgelope vyf jaar.[114]

Huishoudings met toegang tot 'n spoeltoilet wat aangesluit is by 'n rioolstelsel het toegeneem van 74,4% tot 85,3%. So ook het die persentasie van huishoudings wat elektrisiteit gebruik vir verligting gestyg van 82,8% tot 84,8% maar huishouding met weeklikse vullisverwydering het gedaal van 52,6% tot 44,1%. Maquassi Hills het slegs 8% behaal in AfriForum se oudit van vullisterreine in 2020 en die munisipaliteit voldoen dus glad nie aan die minimum standaarde nie.[115]

## Bestuur

Die OG se ouditmening vir 2017/2018 was "afgewys" en dit is voorafgegaan deur jarelange gekwalifiseerde bevindings. In hierdie finansiële jaar het die munisipaliteit onreëlmatige uitgawes aangegaan ten bedrae van R355 miljoen, ongemagtigde besteding van R157 miljoen asook vrugtelose en verkwistende uitgawes van R530 000.[116] Daar was talle tekortkomings ten opsigte van interne beheer, soos byvoorbeeld gebrekkige interne beheermaatreëls en tekortskietende toesig deur die ouditkomitee. Daar is geen redelike stappe geneem om onreëlmatige, ongemagtigde asook vrugtelose en verkwistende besteding hok te slaan nie. Vir 2018/2019 was die OG se ouditmening "afgewys met bevindings".[117]

Die munisipaliteit het aan die einde van Junie 2018 'n negatiewe kontantbalans van R35 236 849 gehad.[118] Slegs 15,4% van die bedryfsbegroting is aan personeel se salarisse en lone bestee – dit is 'n syfer wat ver benede die norm lê. Alhoewel dit as bemoedigend beskou sou kon word, is dit waarskynlik die rede hoekom Maquassi Hills so swaar leun op konsultante vir sy finansiële bestuur en hoekom die munisipaliteit so baie probleme ondervind met dienslewering.

**Punt toegeken aan Maquassi Hills: 2 uit 10**

110 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Maquassi Hills Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1192/maquassi-hills-local-municipality.

111 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Maquassi Hills Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1192/maquassi-hills-local-municipality.

112 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Maquassi Hills Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1192/maquassi-hills-local-municipality.

113 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Maquassi Hills Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1192/maquassi-hills-local-municipality.

114 AfriForum. 2020. *Blou-en-groendruppelprojek 2020.* Beskikbaar by https://afriforum.co.za/wp-content/uploads/2020/11/Blou-en-groen_2020_Afrikaans.pdf.

115 AfriForum. 2020. *Takprojekverslag oor die munisipalevullisterreinoudit vir 2020.* Beskikbaar by . https://afriforum.co.za/wp-content/uploads/2020/06/Vullisterreinouditverslag.pdf.

116 Auditor-General of South Africa. 2019. *Provincial overviews.* Beskikbaar by https://www.agsa.co.za/Portals/0/Reports/PFMA/201819/GR/PFMA2018-19%20-%20Section%208.pdf.

117 Auditor-General of South Africa. 2020. *Consolidated General Report on the Local Government outcomes 2018-2019.* Beskikbaar by https://www.agsa.co.za/Reporting/MFMAReports/MFMA2018-2019.aspx.

118 Municipal Money. 2019. *Maquassi Hills.* Beskikbaar by https://municipalmoney.gov.za/profiles/municipality-NW404-maquassi-hills/.

# Moretele Plaaslike Munisipaliteit

## Demografiese en sosio-ekonomiese aanwysers

Moretele se bevolking staan op 191 306 mense wat tot 55 762 huishoudings behoort; dit verteenwoordig 'n effense styging op die 188 533 mense in 52 744 huishoudings van 2011.[119] Die bevolking jonger as 15 jaar omvat 35,6% van die totale bevolking; 'n toename op die 2011-persentasie van 30,9%. Die groep mense tussen 15 en 64 jaar staan op 56,6% (in 2011 was dit 60,9%) van die bevolking en mense ouer as 65 jaar op 7,8% (in 2011 was dit 8,2%).
Mense ouer as 20 jaar sonder voltooide skoolopleiding maak 6,1% van die bevolking uit en hierdie aanwyser toon verbetering oor die betrokke tydperk.[120] Die aantal mense wat beskik oor 'n Nasionale Senior Sertifikaat het effens toegeneem en staan tans op 29,6%, terwyl die groep mense met 'n tersiêre kwalifikasie ook 'n effense styging vertoon en tans op 4,8% van die bevolking staan.
Tswana is ook hier die grootste huistaal, met 51,6% van die bevolking as moedertaalsprekers, maar die syfer is laer as in die res van Noordwes.[121] Tsonga is die taal wat die tweede meeste gebruik word, met 18,4% van moedertaalsprekers, en Noord-Sotho staan op 13,8%. Ongeveer 87% van huishoudings woon in formele behuising en hier was daar 'n effense toename gesien oor die tydperk. Die laas bekende werkloosheidsyfer was 45,9% in 2011 en die jeugwerkloosheidsyfer op daardie tydstip was 57,2%.[122]

## Dienslewering

'n Onbeduidende persentasie van 1,5% van alle huishoudings in die munisipaliteit het toegang tot lopende water in hulle woning, en selfs hierdie lae syfer het nog agteruitgang getoon oor die betrokke tydperk.[123] AfriForum het nie oudits uitgevoer ten opsigte van watergehalte iewers in die Moretele-gebied nie. Dit is net so betreurenswaardig dat slegs 1,9% van huishoudings toegang het tot 'n spoeltoilet wat aangesluit is by 'n rioolstelsel.

Ten opsigte van elektrisiteit lyk die prentjie gelukkig anders: 97% van alle huishoudings gebruik dit vir verligting, en hierdie syfer het 'n opmerklike verbetering getoon oor die tydperk.[124] Nog opvallender is die syfer vir weeklikse vullisverwydering: waar dit in 2011 op slegs 1% gestaan het, het dit in 2016 gespring na amper 70%. AfriForum het nie ouditmetings uitgevoer by enige vullisterrein in hierdie munisipaliteit nie.

## Bestuur

Die OG se jongste ouditmening was "gekwalifiseerd met bevindings" en die voorafgaande vier was "gekwalifiseerd". In die 2017/2018- finansiële jaar het Moretele onreëlmatige besteding ten bedrae van R166,1 miljoen aangeteken, asook ongemagtigde uitgawes van R17,5 miljoen en vrugtelose en verkwistende uitgawes van R160 000.[125] Aan die einde van Junie 2018 het die munisipaliteit 'n positiewe kontantsaldo gehad van R14 628 722; personeel se salarisse en lone het 19,5% van die bedryfsbesteding uitgemaak.[126]

**Punt toegeken aan Moretele: 1,5 uit 10**

[119] Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Moretele Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1189/moretele-local-municipality.

[120] Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Moretele Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1189/moretele-local-municipality.

[121] Stats SA. 2020. *Moretele.* Beskikbaar by http://www.statssa.gov.za/?page_id=993&id=moretele-municipality.

[122] Stats SA. 2020. *Moretele.* Beskikbaar by http://www.statssa.gov.za/?page_id=993&id=moretele-municipality.

[123] Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Moretele Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1189/moretele-local-municipality.

[124] Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Moretele Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1189/moretele-local-municipality.

[125] Auditor-General of South Africa. 2019. *Provincial overviews.* Beskikbaar by https://www.agsa.co.za/Portals/0/Reports/PFMA/201819/GR/PFMA2018-19%20-%20Section%208.pdf.

[126] Municipal Money. 2019. *Moretele.* Beskikbaar by https://municipalmoney.gov.za/profiles/municipality-NW371-moretele/.

# Moses Kotane Plaaslike Munisipaliteit

## Demografiese en sosio-ekonomiese aanwysers

Die bevolking van Moses Kotane-munisipaliteit het slegs 'n geringe toename getoon tussen 2011 en 2016, van 242 554 mense wat tot 75 193 huishoudings behoort, tot 243 648 mense wat tot 80 654 huishoudings behoort.[127] Die aandeel van mense jonger as 15 jaar staan op 33,2% en hier was daar deurentyd 'n styging sigbaar oor die betrokke tydperk. Mense tussen 15 en 64 jaar maak nou 59,5% van die bevolking uit; hierdie syfer is besig om te daal. Diegene ouer as 65 jaar staan op 7,3%.

Mense ouer as 20 jaar sonder voltooide skoolopleiding maak 7,5% van die bevolking uit en dit het verminder van 9,3%.[128] Diegene wat beskik oor 'n Nasionale Senior Sertifikaat maak nou meer as 30% van die bevolking uit en mense met 'n tersiêre kwalifikasie staan op 4,2%; hierdie laaste persentasie het afgeneem.

Tswana is verreweg die algemeenste taal in Moses Kotane: 90,5% het dit as hulle moedertaal. Zoeloe en Xhosa staan op ver verwyderde afstand met onderskeidelik 4% en 3,3%.[129] Amper 86% van alle huishoudings woon in formele behuising, en dit het toegeneem van 78,3% een dekade gelede. Die munisipaliteit se GOP verwys meermale na die hoë werkloosheidsyfer in die munisipaliteit, veral onder die jeug.[130] Die amptelike werkloosheidsyfer staan op 'n ontstellende 51%, 'n groot toename op die alreeds hoë syfer van 37,9% in 2011.

## Dienslewering

Slegs 9% van alle huishoudings beskik oor lopende water in hulle huise. In 2011 was hierdie syfer nog 18,6% en dit het dus skerp afgeneem.[131] AfriForum het nie die water in hierdie munisipaliteit getoets nie en dit is dus onduidelik wat die gehalte daarvan is.

Slegs 10,5% van alle huishoudings het toegang tot 'n spoeltoilet wat aangesluit is by 'n rioolstelsel en ook hierdie syfer het afgeneem oor die betrokke tydperk. In teenstelling hiermee gebruik 92,5% van alle huishoudings in Moses Kotane elektrisiteit vir verligting, en 75,5% word voorsien van weeklikse vullisverwydering. AfriForum het nie enige vullisterreine binne hierdie munisipaliteit geëvalueer nie.

## Bestuur

Die OG se ouditmenings vir die 2016/2017- en 2017/2018- finansiële jaar was albei "afgewys met bevindings"; in 2016 en 2015 was dit "gekwalifiseerd". Onreëlmatige besteding ten bedrae van R14,9 miljoen is aangeteken vir 2017/2018, en die opgeloopte totaal beloop 'n skokkende R436,4 miljoen.[132] Ongemagtigde besteding van R151,3 miljoen is ook aangegaan. Alle grondliggende oorsake, soos 'n gebrek aan negatiewe gevolge of ontmoediging vir swak prestasie asook wisselvalligheid in sleutelposisies is aangevoer om die uitdagings ten opsigte van die bestuur van die munisipaliteit se finansies te verantwoord. Die ouditmening vir 2018/2019 was "gekwalifiseerd met bevindings".[133] Die OG het die munisipaliteit se terughoudendheid ten opsigte van die gebruik van konsultante geloof asook die onlangse bereidwilligheid om van koers te verander:

> Management took the opportunity to address some of the matters identified during the status of records review and this ultimately resulted in an improved audit outcome from disclaimed to qualified.

Die munisipaliteit het 'n negatiewe kontantsaldo van R233 319 512 gehad aan die einde van Junie 2018; ongeveer 20% van die bedryfsbegroting word aangewend vir personeel se salarisse en lone.[134]

**Punt toegeken aan Moses Kotane: 3,5 uit 10**

[127] Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Moses Kotane Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1190/moses-kotane-local-municipality.

[128] Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Moses Kotane Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1190/moses-kotane-local-municipality.

[129] Stats SA. 2020. *Moses Kotane.* Beskikbaar by http://www.statssa.gov.za/?page_id=993&id=moses-kotane-municipality.

[130] Moses Kotane Local Municipality. 2020. *Final IDP*/Budget for the Financial Year 2017/2022. Beskikbaar by https://archive.org/details/2017-18_02_final_02_local_municipalities_nw375_moses_kotane_nw374_moses_kotane_final_idp_2017-18_pdf.

[131] Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Moses Kotane Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1190/moses-kotane-local-municipality.

[132] Auditor-General of South Africa. 2019. *Provincial overviews.* Beskikbaar by https://www.agsa.co.za/Portals/0/Reports/PFMA/201819/GR/PFMA2018-19%20-%20Section%208.pdf.

[133] Auditor-General of South Africa. 2020. *Consolidated General Report on the Local Government outcomes.* Beskikbaar by https://www.agsa.co.za/Reporting/MFMAReports/2017-2018MFMA.aspx.

[134] Municipal Money. 2019. *Moses Kotane.* Beskikbaar by https://municipalmoney.gov.za/profiles/municipality-NW375-moses-kotane/.

# Naledi Plaaslike Munisipaliteit

## Demografiese en sosio-ekonomiese aanwysers

Tussen 2011 en 2016 het die bevolking van Naledi gestyg van 66 781 mense wat tot 18 572 huishoudings behoort, tot 68 803 mense wat tot 20 692 huishoudings behoort.[135] Die persentasie mense jonger as 15 jaar neem af en verteenwoordig tans amper 30% van die bevolking. Diegene tussen 15 en 64 jaar maak 65,7% van die bevolking uit en hierdie syfer neem stadig toe, terwyl die groep mense ouer as 65 jaar kleiner word en tans 4,6% van die bevolking uitmaak.

Die aantal mense ouer as 20 jaar sonder voltooide skoolopleiding neem af en hierdie groep verteenwoordig tans slegs 10,2% van die bevolking.[136] Die groep wat beskik oor 'n Nasionale Senior Sertifikaat toon 'n styging en hulle maak nou 30% van die bevolking uit, terwyl die aantal mense met tersiêre opleiding afneem en tans 7,3% van die bevolking verteenwoordig.

Ten opsigte van taal kom die prentjie bekend voor: Tswana is die oorheersende taal, met 67,8% van die bevolking wat dit as huistaal besig.[137] Sprekers van Afrikaans vorm egter ook 'n betekenisvolle deel van die bevolking met 23,4% moedertaalsprekers; die voorkoms van ander amptelike tale is onbeduidend.

Byna 85% van alle huishoudings woon in formele behuising, en hierdie syfer het bestendige groei getoon oor die betrokke tydperk.

Die munisipaliteit se webwerf het nie gefunksioneer tydens die skryf van hierdie verslag nie; gevolglik kon 'n betroubare onlangse werkloosheidsyfer nie verkry word nie. Die laas bekende syfer was 26,1% in 2011, met 'n jeugwerkloosheidsyfer van 35,5%.

## Dienslewering

Die aantal huishoudings wat beskik oor lopende water in die huis het effens gestyg oor die betrokke tydperk en staan tans op 39,2% van die totale aantal huishoudings.[138] AfriForum se watertoetse het aangetoon dat Naledi se watergehalte variasie getoon het oor die afgelope jare en taamlik problematies voorkom. In Stella is die nitraatvlak te hoog en is daar nie aan die minimum standaarde voldoen nie.[139] Die dorp se drinkwater het slegs skoon getoets in 2017 en nie gedurende enige ander jaar tussen 2014 en 2019 nie. In Vryburg is die drinkwater geklassifiseer as skoon in 2019 en 2017, maar die munisipaliteit het probleme ondervind met onder andere besmetting met die E. coli-bakterie in 2014 en 2018.

Die aantal huishoudings met 'n spoeltoilet wat aangesluit is by 'n rioolstelsel het toegeneem van 65,4% tot 69,4% van alle huishoudings.[140] Diegene wat elektrisiteit gebruik vir verligting het toegeneem van 76,7% tot 80,2%. Huishoudings wat voorsien word van weeklikse vullisverwydering staan tans op 67,8% teenoor 66,4% in 2011. AfriForum se toetsing van die vullisterreine het enorme tekortkomings uitgewys. In Stella is geen telling toegeken in 2020 nie en die munisipaliteit het ook swak gevaar in die voorafgaande jare. Vryburg se telling in 2020 was 28%; hierdie telling het dramaties verswak van die 92% wat toegeken is in 2015.[141]

## Bestuur

Naledi se ouditmening het ook agteruitgang getoon oor die betrokke tydperk, van "ongekwalifiseerd met nadruk op sekere sake" in 2015 tot "afgewys", "gekwalifiseerd" en toe gekwalifiseerd vir 2017/2018 omdat dit nie teen die afgekondigde datum gefinaliseer is nie, voordat dit as "verwerp met bevindinge" geklassifiseer is.[142] Onreëlmatige besteding ten bedrae van R67,8 miljoen is aangeteken vir 2017/2018, terwyl die opgehoopte onreëlmatige besteding se totaal ongeveer R227 miljoen beloop het.[143] Ongemagtigde uitgawes het in 2017/2018 gestyg tot R62 miljoen, en vrugtelose en verkwistende uitgawes tot amper R30 miljoen. Alle moontlike grondliggende oorsake is aangedui as bydraend tot hierdie stand van sake.

Teen die einde van Junie 2018 het Naledi 'n positiewe kontantsaldo van R2 591 295 getoon, maar 'n baie groot persentasie wat 40% oorskry, is bestee op personeel se salarisse en lone.[144]

**Punt toegeken aan Naledi: 3,5 uit 10**

[135] YYes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Naledi – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1201/naledi-local-municipality.

[136] Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Naledi – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1201/naledi-local-municipality.

[137] Stats SA. 2019. *Naledi.* Beskikbaar by http://www.statssa.gov.za/?page_id=993&id=naledi-municipality.

[138] Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Naledi – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1201/naledi-local-municipality.

[139] AfriForum. 2019. *AfriForum-takprojekverslag: Blou-en-groendruppelprojek 2019.* Beskikbaar by https://www.afriforum.co.za/wp-content/uploads/2019/09/AfriForum-Blou-en-groendruppelverslag.pdf.

[140] Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Naledi – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1201/naledi-local-municipality.

[141] AfriForum. 2020. *Takprojekverslag oor die munisipalevullisterreinoudit vir 2020.* Beskikbaar by . https://afriforum.co.za/wp-content/uploads/2020/06/Vullisterreinouditverslag.pdf.

[142] Auditor-General of South Africa. 2020. *Consolidated General Report on the Local Government outcomes.* Beskikbaar by https://www.agsa.co.za/Reporting/MFMAReports/2017-2018MFMA.aspx.

[143] Auditor-General of South Africa. 2019. *Provincial overviews.* Beskikbaar by https://www.agsa.co.za/Portals/0/Reports/PFMA/201819/GR/PFMA2018-19%20-%20Section%208.pdf.

[144] Municipal Money. 2019. *Naledi.* Beskikbaar by https://municipalmoney.gov.za/profiles/municipality-NW392-naledi/.

# Ramotshere Moiloa Plaaslike Munisipaliteit

## Demografiese en sosio-ekonomiese aanwysers

Die munisipaliteit se bevolking het toegeneem van 152 664 mense wat tot 41 355 huishoudings behoort in 2011 tot 157 690 mense wat tot 48 070 huishoudings behoort in 2016.[145] Mense jonger as 15 jaar maak 26,7% van die totale bevolking uit; diegene tussen 15 en 64 jaar verteenwoordig 66,7% (hierdie syfer toon betekenisvolle groei oor die betrokke tydperk), en mense ouer as 65 jaar staan op 6,6%. Die groep mense ouer as 20 jaar sonder voltooide skoolopleiding het afgeneem van 20,4% tot 15,5%. Diegene wat beskik oor 'n Nasionale Senior Sertifikaat het toegeneem van 20,7% tot 28,8% en die aantal mense met tersiêre opleiding het effens afgeneem van 6% tot 5,8%.[146]

Ten opsigte van taal swaai Tswana die septer as die huistaal van 84% van die bevolking. Afrikaans (4,4%) en Engels (3,7%) beklee 'n ver verwyderde tweede en derde plek.[147] Die aantal huishoudings wat in formele behuising woon, het gekrimp van 81% van die bevolking tot 78%. Die munisipaliteit se GOP-dokumentasie maak veelvuldig gewag van die hoë vlakke van armoede en werkloosheid, maar geen presiese gegewens is beskikbaar oor die amptelike werkloosheidsyfer nie.

## Dienslewering

Die aantal huishoudings met toegang tot lopende water in die huis het afgeneem van 19% tot 17%.[148] AfriForum se drinkwateroudit het aangetoon dat Zeerust se drinkwater skoon getoets het vir die afgelope vier jaar.[149]

Die persentasie van die bevolking wat elektrisiteit gebruik vir verligting het indrukwekkend toegeneem: van 81,2% tot 88,6%, maar die aantal mense met toegang tot 'n spoeltoilet wat aangesluit is by 'n rioolstelsel het slegs toegeneem van 22,1% tot 26%.[150] Verder staan die aantal huishoudings wat voorsien word van weeklikse vullisverwydering op slegs 21,4%, al is hierdie persentasie stadig besig om toe te neem. Zeerust se vullisterrein het 'n telling van 16% behaal in AfriForum se 2020-oudit.[151]

## Bestuur

Die OG se laaste twee ouditmenings was "afgewys met bevindings" en in die voorafgaande jare het die munisipaliteit twee keer die mening "gekwalifiseerd" ontvang. Onreëlmatige besteding het R12,5 miljoen beloop vir 2017/2018, en die opgehoopte totaal was reeds R153 miljoen aan die einde van Junie 2018.[152] Ongemagtigde uitgawes het R23,3 miljoen beloop en vrugtelose en verkwistende besteding R6 miljoen. Elke moontlike grondliggende oorsaak is aangevoer as 'n bydraende faktor tot hierdie swak resultate.

Die munisipaliteit het 'n positiewe kontantsaldo van R14 651 208 gehad; daar is 37,6% van die begroting bestee aan personeel se salarisse en lone gedurende 2017/2018.[153]

**Punt toegeken aan Ramotshere Moiloa: 3,5 uit 10**

145 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Ramotshere Moiloa – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1204/ramotshere-moiloa-local-municipality.

146 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa. 2019. Ramotshere Moiloa – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1204/ramotshere-moiloa-local-municipality.

147 Stats SA. 2019. *Ramotshere Moiloa.* Beskikbaar by http://www.statssa.gov.za/?page_id=993&id=ramotshere-moiloa-municipality.

148 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Ramotshere Moiloa – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1204/ramotshere-moiloa-local-municipality.

149 AfriForum. 2019. *AfriForum-takprojekverslag: Blou-en-groendruppelprojek 2019.* Beskikbaar by https://www.afriforum.co.za/wp-content/uploads/2019/09/AfriForum-Blou-en-groendruppelverslag.pdf.

150 AfriForum. 2019. *AfriForum-takprojekverslag: Blou-en-groendruppelprojek 2019.* Beskikbaar by https://www.afriforum.co.za/wp-content/uploads/2019/09/AfriForum-Blou-en-groendruppelverslag.pdf.

151 AfriForum. 2020. *Takprojekverslag oor die munisipalevullisterreinoudit vir 2020.* Beskikbaar by . https://afriforum.co.za/wp-content/uploads/2020/06/Vullisterreinouditverslag.pdf.

152 Auditor-General of South Africa. 2019. *Provincial overviews.* Beskikbaar by https://www.agsa.co.za/Portals/0/Reports/PFMA/201819/GR/PFMA2018-19%20-%20Section%208.pdf.

153 Municipal Money. 2019. *Ramotshere Moiloa.* Beskikbaar by https://municipalmoney.gov.za/profiles/municipality-NW385-ramotshere-moiloa/.

# Ratlou Plaaslike Munisipaliteit

## Demografiese en sosio-ekonomiese aanwysers

Tussen 2011 en 2016 het Ratlou se bevolking afgeneem van 107 339 mense wat tot 26 889 huishoudings behoort, tot 106 108 mense in 29 120 huishoudings.[154] Persone jonger as 15 jaar maak 32,4% van die bevolking uit; diegene tussen 15 en 64 jaar 60,8% en persone ouer as 65 jaar verteenwoordig 6,7%.

Die aantal mense ouer as 20 jaar sonder voltooide skoolopleiding het afgeneem van 28,9% tot 19%. Diegene wat oor 'n Nasionale Senior Sertifikaat beskik, het toegeneem van 11,2% tot 13,8%; mense met tersiêre opleiding staan op 2,3% van die bevolking.

Tswana is die oorheersende taal, met 87,6% van die bevolking wie se huistaal dit is. Suid-Sotho is die tweede taal met slegs 3,7% moedertaalsprekers; ander amptelike tale se aandeel is onbeduidend.[155] Huishoudings wat in formele behuising woon, het teruggeval van 89,9% tot 81,8%. Die laaste bekende werkloosheidsyfer was 44% en jeugwerkloosheid het op 52,4% gestaan.[156] Selfs gesien in die lig van die huidige nasionale werkloosheidsyfer wat rekordhoogtes bereik, is hierdie syfers ongelooflik hoog.

## Dienslewering

Huishoudings met lopende water in die huis het verder teruggesak van 'n alreeds lae 5,2% tot slegs 0,7%.[157] AfriForum het nie die gehalte van die drinkwater in die munisipaliteit getoets nie en gegewens daaroor is dus nie beskikbaar nie.

Hiermee vergelykbaar is die feit dat 'n onbeduidende 0,4% van alle huishoudings toegang het tot 'n spoeltoilet wat aangesluit is by 'n rioolstelsel; hierdie persentasie het selfs gedaal oor die tydperk. Aan die positiewe kant beskik 83,8% van die huishoudings in Ratlou oor elektrisiteit vir verligting, en hierdie syfer bly konstant oor die tydperk.[158] Slegs 0,1% van alle huishoudings word voorsien van met weeklikse vullisverwydering; AfriForum evalueer nie die munisipaliteit se vullisterreine nie.

## Bestuur

Die OG se ouditmenings vir die drie jaar voorafgaande aan die 2018/2019- finansiële jaar was "gekwalifiseerd met bevindings". Vir 2018/2019 was dit nog swakker met 'n ouditmening "afgewys met bevindings".[159] Vir die 2017/2018- finansiële jaar het onreëlmatige besteding R43,3 miljoen beloop en die opgehoopte totaal van onreëlmatige besteding het op R109,1 miljoen te staan gekom.[160] Daar is slegs trae respons oor sake soos die verbetering van interne beheermaatreëls; wisselvalligheid en vakatures in sleutelposisies is volop en daar word nie negatiewe gevolge verbind aan swak prestasie om dit te ontmoedig nie. In sy bespreking van die veelvuldige tekortkomings ten opsigte van interne beheer, het die OG die volgende opgemerk:[161]

> Significant control deficiencies were identified, which resulted in various non-compliance findings and misstatements in the annual financial statements and annual performance report.

Ratlou het 'n positiewe kontantsaldo van R45 107 972 getoon aan die einde van Junie 2018; ongeveer 42% van die bedryfsbegroting het gegaan na personeel se salarisse en lone.[162] In die lig van die tans geldende norme oor besteding op lone en salarisse asook die haglike stand van sake rondom dienslewering in die munisipaliteit, kan hierdie hoë persentasie nie geregverdig word nie.

**Punt toegeken aan Ratlou: 0,5 uit 10**

154 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Ratlou Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1205/ratlou-local-municipality.

155 Stats SA. 2019. *Ratlou.* Beskikbaar by http://www.statssa.gov.za/?page_id=993&id=ratlou-municipality.

156 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Ratlou Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1205/ratlou-local-municipality.

157 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Ratlou Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1205/ratlou-local-municipality.

158 Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Ratlou Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1205/ratlou-local-municipality.

159 Auditor-General of South Africa. 2020. *Consolidated General Report on the Local Government outcomes.* Beskikbaar by https://www.agsa.co.za/Reporting/MFMAReports/2017-2018MFMA.aspx.

160 Auditor-General of South Africa. 2019. *Provincial overviews.* Beskikbaar by https://www.agsa.co.za/Portals/0/Reports/PFMA/201819/GR/PFMA2018-19%20-%20Section%208.pdf.

161 Municipal Money. 2019. *Ratlou.* Beskikbaar by https://municipalmoney.gov.za/profiles/municipality-NW381-ratlou/.

162 Municipal Money. 2019. *Ratlou.* Beskikbaar by https://municipalmoney.gov.za/profiles/municipality-NW381-ratlou/.

# Rustenburg Plaaslike Munisipaliteit

## Demografiese en sosio-ekonomiese aanwysers

Aangesien Rustenburg 'n prominente myngebied is, is dit vanselfsprekend dat die munisipaliteit nuwe aankomelinge sal aantrek wat op soek is na werksgeleenthede. Derhalwe het die bevolking van Rustenburg tussen 2011 en 2016 gegroei van 550 000 persone wat tot ongeveer 200 000 huishoudings behoort, tot 626 522 persone wat tot 262 576 huishoudings behoort.[163] Die bevolking jonger as 15 jaar verteenwoordig 'n groeiende segment en hulle maak tans 28% van die totale bevolking uit. Diegene tussen 15 en 64 jaar verteenwoordig amper 70% van die bevolking en mense ouer as 65 jaar staan op 3%.

Persone ouer as 20 jaar sonder voltooide skoolopleiding maak 4,7% van die bevolking uit; diegene wat oor 'n Nasionale Senior Sertifikaat beskik, verteenwoordig tans 34,6% van die bevolking, en hierdie groep bly groei. Die aantal persone met tersiêre opleiding daal effens en staan tans op 7,4%.[164]

As gevolg van die voortdurende invloei van mense van buite die munisipale gebied wat kom werk in die mynbedryf, toon die taalprofiel van Rustenburg effens meer verskeidenheid as dié in die res van Noordwes. Tog bly Tswana die grootste taal met 52,4% van die inwoners wat dit as hulle moedertaal het. Afrikaans kom tweede; Xhosa derde met amper 10%; Tsonga staan op die vierde plek met 5,4% en Engels kom vyfde met 5,2%.[165]

Die aantal huishoudings wat in formele behuising woon, bly onveranderd oor die tydperk en staan op ongeveer 68%. Daar is geen onlangse munisipale statistiese gegewens beskikbaar oor die werkloosheidsyfer in Rustenburg nie; die persentasie in 2011 was 26,4% terwyl jeugwerkloosheid op 34,7% gestaan het.[166]

## Dienslewering

Ongelukkig is daar 'n daling sigbaar in die aantal huishoudings met lopende water in die huis; dit beloop tans slegs 28,5% terwyl dit in 2011 op 35,8% gestaan het.[167] Rustenburg se drinkwater is deur AfriForum as skoon geklassifiseer tussen 2014 en 2020.[168]

Die aantal huishoudings wat beskik oor 'n spoeltoilet wat aangesluit is by 'n rioolstelsel het feitlik onveranderd gebly en omvat ongeveer 53% van alle huishoudings.[169] Huishoudings wat elektrisiteit gebruik vir verligting maak nou 83,7% van die bevolking uit en die aantal bly stadig groei. Die persentasie huishoudings met weeklikse vullisverwydering het stadig afgeneem, maar staan steeds op 'n taamlik hoë peil van 67,1%. Die Rustenburg-vullisterrein het 'n telling van 94% behaal in AfriForum se oudit van vullisterreine in 2020.[170]

## Bestuur

In sy ouditverslag van 2017/2018 het die OG ernstige bedenkings geopper oor die finansiële state van Rustenburg en het hy hom soos volg uitgelaat oor die swak gehalte van die munisipaliteit se state:

> Rustenburg and Matlosana did not submit financial statements on 31 August 2018 as required by legislation, due to challenges with their financial systems. These financial statements were subsequently submitted for auditing, but the audit of Rustenburg had not yet been finalised by the cut-off date of 31 January 2019 for inclusion in this report.

Vanweë hierdie stand van sake kon die oudit nie afgehandel word op die datum soos in wetgewing vasgelê nie. Die ouditmening vir 2018/2019 is uiteindelik gegee as "gekwalifiseerd met bevindings".[171] Tydens hierdie finansiële jaar was Rustenburg ook een van die grootste bydraers tot die algehele totaal van onreëlmatige besteding; nienakoming van vereistes vir verkrygingsprosesse was die belangrikste rede hiervoor.

Aan die einde van die finansiële jaar, in Junie 2018, het Rustenburg 'n positiewe kontantsaldo gehad wat R230 miljoen oorskry het.[172] Byna 15% van bedryfsuitgawes is bestee op personeel se salarisse en lone.

**Punt toegeken aan Rustenburg: 3 uit 10**

[163] Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa:. Rustenburg Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1191/rustenburg-local-municipality.

[164] Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Rustenburg Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1191/rustenburg-local-municipality.

[165] Stats SA. 2019. *Rustenburg.* Beskikbaar by http://www.statssa.gov.za/?page_id=993&id=rustenburg-municipality.

[166] Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Rustenburg Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1191/rustenburg-local-municipality.

[167] Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Rustenburg Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1191/rustenburg-local-municipality.

[168] AfriForum. 2019. *AfriForum-takprojekverslag: Blou-en-groendruppelprojek 2019.* Beskikbaar by https://www.afriforum.co.za/wp-content/uploads/2019/09/AfriForum-Blou-en-groendruppelverslag.pdf.

[169] Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Rustenburg Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1191/rustenburg-local-municipality.

[170] AfriForum. 2020. *Takprojekverslag oor die munisipalevullisterreinoudit vir 2020.* Beskikbaar by . https://afriforum.co.za/wp-content/uploads/2020/06/Vullisterreinouditverslag.pdf.

[171] Auditor-General of South Africa. 2019. *Provincial overviews.* Beskikbaar by https://www.agsa.co.za/Portals/0/Reports/PFMA/201819/GR/PFMA2018-19%20-%20Section%208.pdf.

[172] Municipal Money. 2019. *Rustenburg.* Beskikbaar by https://municipalmoney.gov.za/profiles/municipality-NW373-rustenburg/.

# Tswaing Plaaslike Munisipaliteit

## Demografiese en sosio-ekonomiese aanwysers

Tussen 2011 en 2016 het die bevolking van Tswaing met ongeveer 5 000 mense gestyg: van 124 218 mense wat tot 30 634 huishoudings behoort, tot 129 052 mense in 35 300 huishoudings.[173]
Die aantal mense jonger as 15 jaar het met ongeveer 7 persentasiepunte afgeneem tot 29,4% van die bevolking. Die teenoorgestelde geld vir mense tussen 15 en 64 jaar, waar daar juis 'n styging was tot 65,4% van die bevolking. Die persentasie mense ouer as 65 jaar het gegroei tot 5,3%.
Die aantal mense ouer as 20 jaar sonder voltooide skoolopleiding het met verskeie persentasiepunte afgeneem oor die tydperk, tot ongeveer 16%.[174] Diegene wat beskik oor 'n Nasionale Senior Sertifikaat het toegeneem tot ongeveer 20% terwyl die groep wat oor tersiêre opleiding beskik, gekrimp het tot 4,1%.
Tswana is die grootste taal in Tswaing, met meer as 83% van die bevolking wat moedertaalsprekers daarvan is. Afrikaans volg as tweede met 6,7% moedertaalsprekers. Die persentasies van die ander amptelike tale is onbeduidend.
Die persentasie huishoudings wat in formele behuising woon, staan op byna 81%; dit het gestyg van 77,5% in 2011.[175] Tswaing se GOP-dokumentasie vir 2019-2020 stel die jongste werkloosheidsyfer op 28,7% en jeugwerkloosheid op meer as 40%.[176]

## Dienslewering

Tussen 2011 en 2016 het die persentasie huishoudings met toegang tot lopende water in die huis betekenisvol gedaal, van 21,4% tot 9,1%.[177] Veral die gehalte van die drinkwater is rede tot groot kommer. AfriForum se 2020-verslag meld dat Tswaing se water steeds besoedel bly. Vir die tweede agtereenvolgende jaar bly dit gesondheidsrisiko's inhou vir die inwoners van hierdie munisipaliteit.
Die persentasie huishoudings wat beskik oor elektrisiteit vir verligting het 'n aanmerklike styging getoon oor die tydperk, van 73,3% tot 88,1%.[178] Dieselfde geld vir die aantal huishoudings met 'n spoeltoilet wat aangesluit is by 'n rioolstelsel, wat toegeneem het van 32,1% tot 38,2%. So ook het die persentasie huishoudings met weeklikse vullisverwydering gestyg van 16,3% tot 29,1%. AfriForum se ouditverslag oor vullisterreine wys dat alle vullisterreine in Tswaing in 'n haglike toestand is. Die Delareyville-terrein het 'n telling van 28% behaal in 2020 en minder as 10 in die voorafgaande jare; die Sannieshof-terrein het 34% behaal in 2020.[179]

## Bestuur

Die OG se ouditmening oor Tswaing in die 2018/2019- finansiële jaar was "ongekwalifiseerd met bevindings" – dieselfde as vir 2017/2018.[180] Helaas was Tswaing een van die grootste munisipale oortreders ten opsigte van die persentasie van krediteure wat die kontantbalans aan die jaareinde oorskry het, met 'n ongelooflike 21 179%.

Die munisipaliteit se positiewe kontantsaldo van R93 848 aan die einde van Junie 2018 is 'n bemoedigende teken.[181] Ongelukkig het ongemagtigde, onreëlmatige, vrugtelose en verkwistende besteding 'n verontrustende 48,31% van die totale bedryfsbesteding uitgemaak. Byna 28% van die bedryfsuitgawes word bestee aan personeel se salarisse en lone.

**Punt toegeken aan Tswaing: 1 uit 10**

[173] Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Tswaing Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1206/tswaing-local-municipality.

[174] Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Tswaing Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1206/tswaing-local-municipality.

[175] Yes! Media. 2019. *Municipalities of South Africa: Tswaing Local Municipality – Demographic Information.* Beskikbaar by https://municipalities.co.za/demographic/1206/tswaing-local-municipality.

[176] Tswaing Local Municipality. 2020. *Adopted Integrated Development Plan 2019-2020.* Beskikbaar by https://www.tswaing.gov.za/images/Tswaing%20IDP%202019-20.pdf.

[177] Tswaing Local Municipality. 2020. *Adopted Integrated Development Plan 2019-2020.* Beskikbaar by https://www.tswaing.gov.za/images/Tswaing%20IDP%202019-20.pdf.

[178] Tswaing Local Municipality. 2020. *Adopted Integrated Development Plan 2019-2020.* Beskikbaar by https://www.tswaing.gov.za/images/Tswaing%20IDP%202019-20.pdf.

[179] AfriForum. 2020. *Takprojekverslag oor die munisipalevullisterreinoudit vir 2020.* Beskikbaar by . https://afriforum.co.za/wp-content/uploads/2020/06/Vullisterreinouditverslag.pdf .

[180] Auditor-General of South Africa. 2020. *Consolidated General Report on the Local Government outcomes.* Beskikbaar by https://www.agsa.co.za/Reporting/MFMAReports/2017-2018MFMA.aspx.

[181] Auditor-General of South Africa. 2019. *Provincial overviews.* Beskikbaar by https://www.agsa.co.za/Portals/0/Reports/PFMA/201819/GR/PFMA2018-19%20-%20Section%208.pdf.

# Opsomming

Die inligting in hierdie verslag behoort voldoende te wees om onteenseglik aan te toon dat die provinsie 'n munisipale krisis beleef. Van watergehalte en vullisterreine tot finansiële bestuur en werkloosheid – die toestand van die Noordwesprovinsie se munisipaliteite is oor die algemeen betreurenswaardig. Sekere aanduiders, soos skoling en behuising, blyk op 'n mate van voortgesette verbetering te dui. Dit is egter provinsiale prestasies en nie munisipale prestasies nie. Noordwes-munisipaliteite het ook die twyfelagtige eer om onder bykans permanente provinsiale administrasie te wees weens finansiële probleme en 'n onvermoë om dienste te lewer. Dit het ongelukkig nie tot verbeterde bestuur of voordeliger omstandighede op voetsoolvlak gelei nie.

Dit is met 'n verbandhoudende probleem vervleg: die langdurige en selfs verswakkende aard van dié uitdagings. Sommige verbeterings word boonop ondermyn deur lastiger kenmerke van dié munisipaliteite. Verbeterde sekondêre onderwys maak byvoorbeeld geen verskil in die lewens van jongmense nie indien daar slegs beperkte werksgeleenthede is en ekonomiese aktiwiteite stagneer. Die oorheersende probleem is dat staatsgesubsidieerde dienste nie blyk tot breër sosiale mobiliteit of verminderde staatsafhanklikheid te lei nie.

Een van die ontstellendste aspekte is die gebrek aan amptelike inligting oor verskeie fasette van munisipale bestuur. Die regering publiseer vir jare al nie meer verslae oor die gehalte van drink- en afvalwater nie. Werkloosheidsyfers is grootliks verouderd en nie geskik vir eietydse besluitneming nie. Om hierdie rede is burgers en inwoners onbewus van wat hulle drink en hoe hul regte moontlik vertrap word.

Dit belemmer die taak van die publiek, die sakesektor, nieregeringsorganisasies en selfs die staat om mense in magsposisies aanspreeklik te hou of om te help om die situasies in munisipaliteite te verbeter. Trouens, veral in die Noordwes en onder die skadelike regering van die voormalige premier Supra Mahumapelo het die provinsiale administrasie en sy munisipaliteite alle hindernisse verwyder wat plundering en korrupsie beperk het. Die skade wat 'n provinsie aangedoen is wat reeds gebuk gaan onder swak bestuur sal vir lank voortduur – indien nie onbepaald nie.

Die mantel van aanspreeklikheid en herontwikkeling het grootliks op die skouers van burgerregteorganisasies soos AfriForum geval. Deur middel van verslae oor aspekte van munisipale bestuur en die praktiese werk wat sy takstrukture in die provinsie verrig, tree AfriForum op as belangrike skans teen algehele verval in die Noordwes. Weens die afwesigheid van enige politieke wil om hierdie probleme op te los, is dit die taak van die burgery en hul georganiseerde pogings om die gety te draai.



AfriForum

Deel van die Solidariteit Beweging